

'n MAKRO-PERSPEKTIEF OP KWALITEITSVERSEKERING
IN HOër ONDERWYS: RELEVANSIE VAN DIE BRITSE
EN NEDERLANDSE ERVARINGS VIR TECHNIKONS IN
SUID-AFRIKA

J N STEYN

'n MAKRO-PERSPEKTIEF OP KWALITEITSVERSEKERING IN HOËR ONDERWYS :
RELEVANSIE VAN DIE BRITSE EN NEDERLANDSE ERVARINGS VIR TECHNIKONS IN
SUID-AFRIKA.

JACOBUS NICOLAAS STEYN

VERHANDELING VOORGELê TER VOLDOENING AAN DIE VEREISTES VIR DIE
MEESTERSDIPLOMA IN TEGNOLOGIE (NASKOOLSE ONDERWYS) BY DIE SKOOL VIR
ONDERWYSERSOPLEIDING AAN DIE KAAPSE TECHNIKON.

DATUM VAN INDIENING: JANUARIE 1992

PROMOTOR: DR A C de W LA GRANGE

OPGEDRA AAN ELSJE

Voorwoord en bedankings	(i)
Lys van figure en tabelle	(ii)
Lys van afkortings	(ii)
Opsomming	(iii)
Summary	(iv)
Verklarings	(v)

HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOELSTELLINGS	1
1.1 Inleiding	1
1.2 Veranderende persepsies rakende tersiêre onderwys	2
1.3 Kwaliteit binne opvoedkundige verband	5
1.4 Doel van studie	10
1.5 Navorsingsmetodologie en organisasie van studiemateriaal	11

HOOFSTUK 2

KWALITEITSVERSEKERING AAN INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS IN DIE VERENIGDE KONINKRYK	13
2.1 Inleiding	13
2.2 Sleutelgebeurtenisse in die ontwikkeling van kwaliteitsversekeringstelsels	14
2.2.1 Die Thatcher-era	14
2.2.2 Die Jarrattverslag	15
2.2.3 Die Reynoldsverslag	17
2.2.4 Die onderwys hervormingswet van 1988	17
2.3 Die universiteitsektor	19
2.4 Die openbare sektor-instellings	21
2.5 Korporatiewe doelstellings en kwaliteits-aangeleentede	26

2.6	Kwaliteitsmaatstawwe en gebruike	29
2.6.1	Prestasiemaatstawwe	29
2.6.2	Perspektiewe rondom die ontwikkeling van prestasiemaatstawwe	33
2.6.3	Institusionele gebruike van prestasiemaatstawwe	38
2.6.4	Befondsing en kwaliteitsmaatstawwe	43
2.7	Slotopmerking	47

HOOFSTUK 3

	KWALITEITSVERSEKERING AAN NEDERLANDSE INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS	48
3.1	Inleiding	48
3.2	Beleid en statutêre raamwerk vir kwaliteitsversekering	49
3.3	Staats- en institusionele interpretasies van kwaliteitsversekering	54
3.4	Staatsinstrumente vir kwaliteitskontrole	55
3.5	Kwaliteitsversekering aan universiteite	58
	3.5.1 Die rol van VSNU	58
	3.5.2 Kwaliteitsversekering van onderrig	62
	3.5.3 Kwaliteitsversekering van navorsing	64
3.6	Kwaliteitsversekering aan HBO-instellings	70
	3.6.1 Kwaliteitsversekeringstelsels en -prosedures	73
	3.6.2 Die rol van die HBO-raad	75
	3.6.3 Eweknie-evaluering en prestasiemaatstawwe	77
3.7	Neuwe-effekte van kwaliteitsversekering op institusionele bestuur	78
3.8	Slotopmerking	80

HOOFSTUK 4

KERNEIENSKAPPE VAN KWALITEITSVERSEKERINGSTELSLS AAN INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS IN NEDERLAND EN DIE VERENIGDE KONINKRYK	81
---------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------	----

4.1 Inleiding	81
4.2 Grondliggende eienskappe van kwaliteits- versekeringstelsels	82
4.3 Slotopmerking	91

HOOFSTUK 5

RAAMWERKE VIR KWALITEITSVERSEKERING AAN TECHNIKONS EN UNIVERSITEITE IN SUID-AFRIKA	92
---------------------------------------------------------------------------------------	----

5.1 Inleiding	92
5.2 Makrodoelstellings ten opsigte van hoër onderwys in Suid-Afrika	93
5.3 Kwaliteitsversekering aan universiteite	97
5.4 Kwaliteitsversekering aan teknikons	100
5.4.1 Historiese agtergrond	100
5.4.2 Insetkwaliteit	102
5.4.3 Proseskwaliteit	103
5.4.4 Uitsetkwaliteit	107
5.5 Rolspelers in die kwaliteitsversekerings- proses	113
5.6 Slotopmerking	117

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS	120
6.1 Inleiding	120
6.2 Gevolgtrekkings	122
6.3 Aanbevelings	126

BRONNELYS	129
-----------	-----

VOORWOORD EN BEDANKINGS

Instellings vir hoër onderwys word dikwels beoordeel in terme van akademiese standaarde en die kwaliteit van hulle uitsette. Die handhawing en uitbouing van standaarde is derhalwe 'n aktuele saak wat diep in die wese van tersiêre opvoedkundige instellings ingryp. Gedurende die afgelope dekade het dit duidelik geword dat kwaliteitsversekering in verskeie Europese lande 'n kernelement in tersiêre bestuur op sowel die makro- as institusionele vlak geword het. Dit is ook duidelik dat staatsbefondsing van hoër onderwysinstellings toenemend aan kwaliteitsaspekte gekoppel word. Daardeur is die hele wese van tersiêre bestuur besig om te verander. Aangesien soortgelyke tendense besig is om in Suid-Afrika te ontwikkel en min navorsing oor die aangeleentheid plaaslik onderneem is, word dit as aktueel beskou om gemelde verskynsel aan die hand van Europese voorbeelde te bestudeer en die relevansie daarvan vir technikonbestuur te bepaal.

Die navorser wil graag sy opregte dank en waardering uitspreek teenoor die volgende instansies en persone:

- * Die Raad van die Kaapse Technikon vir finansiële steun en die toestaan van studieverlof.
- * My kollegas wat in my afwesigheid moes waarneem.
- * Mev. Marlene Heyneke vir die tikwerk.
- * Mnr. Sam Oosthuizen en sy personeel vir hulle hulp met die illustrasies.

LYS VAN FIGURE EN TABELLEPaginaFigure

4.1	Diagrammatiese voorstelling van kwaliteitsversekering in die Verenigde Koninkryk en Nederland	84
4.2	Dimensies en balanse in kwaliteitsversekering	88
5.1	Slaagsyfers versus % C + innames : universiteite	99
5.2	Persentasie C + registrasies 1988-'91: Kaapse Technikon	104
5.3	Slaagsyfers versus % C + innames : teknikons, 1989	110
5.4	Diagrammatiese voorstelling van kwaliteitsversekering op makrovlak in Suid-Afrika	114

Tabelle

2.1	Bestuursinligting en prestasiemaatstawwe soos aanbeveel deur die CVCP.	30
5.1	Vergelykende struktuureienskappe van kwaliteitsversekeringstelsels aan Nederlandse, Britse en Suid-Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys	118

LYS VAN AFKORTINGS

AUT	Adviesraad vir Universiteite en Teknikons
CNAA	Council for National Academic Awards
CVCP	Committee of Vice-Chancellors and Principals
HBO	Hoër beroepsonderwys
HOAK	Wet op Hoger Onderwijs: Outonomie en Kwaliteit
HOOP	Wet op Hoger Onderwys en Onderzoekplan
KIVI	Koningklike Instituut vir Ingenieurs
KNAW	Koningklike Nederlandse Akademie voor Wetenschap
KTH	Komitee vir Technikonhoofde
KUH	Komitee vir Universiteitshoofde
NASOP	Na Sekondêre Onderwysprogramme
NRLO	Nationale Raad vir Landbou Onderzoek
NWO	Nederlands Wetenschappelijk Organisatie
OVS	Onderwysvernuwingstrategie
PCFC	Polytechnic and College Funding Council
SANSO	Suid-Afrikaanse Na Sekondêre Onderwys
SERTEC	Sertifiseringsraad vir Technikononderwys
SKG	Selektiewe Kontrakte en Groei
UFC	University Funding Council
UGC	University Grants Committee
VSNU	Vereniging vir Samewerkende Nederlandse Universiteite
VE	Voltydse ekwivalent
WHW	Wet op Hoger Onderwys en Wetenschappelijk Onderzoek

OPSOMMING

Kwaliteitsversekering het reeds in tersiêre onderwysbestuur 'n kernelement op sowel die makro- as institusionele vlak in Nederland en die Verenigde Koninkryk geword. Hoewel die situasie in Suid-Afrika uiteraard van dié in gemelde twee lande verskil, is dit duidelik dat kwaliteitsversekering ook plaaslik 'n aktuele aangeleentheid is en dat universiteite sowel as teknikons heelwat uit die Britse en Nederlandse ervarings kan leer. In hierdie studie word die aksent op teknikons geplaas.

In sowel Nederland as die Verenigde Koninkryk is gedurende die afgelope dekade omvattende kwaliteitsversekeringstelsels binne die hoër onderwys-bestel tot stand gebring. Hoewel die verskynsel in 'n groot mate deur eksterne druk gestimuleer is, het onderwysinrigtings ook individueel en kollektief substansieel tot die bestaande stelsel bygedra. Kenmerkend van die Nederlandse en Britse opset is die bereidwilligheid van die staat om strukture vir kwaliteitsversekering te skep. Laasgenoemde is in Suid-Afrika tot op hede nog grotendeels afwesig. Vergeleke met die Britse en Nederlandse stelsel is daar veral binne die plaaslike universiteitsbestel ook weinig sprake van kollektiewe strukture en optredes ten einde kwaliteit te verseker.

Die koppeling tussen onderrigkwaliteit en staatsbefondsing is in gemelde oorsese lande goed gevestig. Gepaardgaande daarmee is verskeie meetinstrumente ontwikkel om kwaliteit te bepaal. In hierdie opsig is dit insiggewend dat prestasiemaatstawwe sterker in die Verenigde Koninkryk beklemtoon word, terwyl die Nederlanders aan eweknie-evaluering voorkeur gee.

Hoewel die Staat deur sy optrede baie kan doen om onderrigkwaliteit te verseker, kan individuele instellings nie aan die aanspreeklikheid ontsnap om selfevalueringstelsels te ontwikkel en 'n interne kwaliteitskultuur en waardesisteen gerig op kwaliteitsgroei te kweek nie. In die proses is dit belangrik om 'n balans tussen bestuurs-effektiwiteit en uitsetdoeltreffendheid te handhaaf.

SUMMARY

Quality assurance has emerged as a vital element in tertiary education management at both the macro- and the institutional levels in the Netherlands as well as the United Kingdom. Although, from the nature of the matter, the situation in South Africa would obviously differ from that in these two respective countries, it is clear that universities and technikons may both learn considerably from the British and Dutch experiences. However, in this study the focus will be on technikons.

In both the Netherlands and Britain comprehensive quality assurance systems have been established within the realm of higher education during the past decade. Although this phenomenon was largely prompted by external pressures, educational institutions themselves, individually and collectively, contributed substantially to the present system. Characteristic of the Dutch and British dispensations is the willingness on the part of the authorities to create structures for quality assurance. Such structures are still largely absent in South Africa. Compared to the British and Dutch systems, there is, particularly within local university education, very little by way of collective structures and actions towards ensuring quality.

The link between quality of education and state funding is well established in the overseas countries studied. As a corollary to this, various measuring instruments have been developed for the purpose of determining quality. In this respect it is significant that in the United Kingdom the emphasis is on performance criteria, while in the Netherlands preference is given to peer evaluation.

Although the State may through its actions do a great deal to ensure quality of education, individual institutions cannot escape accountability for the development of self-evaluation systems and promoting an internal quality culture and value system aimed at enhanced quality. However, in the process it is important to maintain a balance between efficiency in terms of management and effectiveness in terms of output.

VERKLARINGS

INHOUD

Die inhoud van die proefskrif verteenwoordig my eie werk. Menings

daarin uitgespreek is nie noodwendig dié van die Technikon nie.


NAVORSER:



TAALVERSORGING:

Hiermee verklaar ek dat die manuskrip taalkundig deur my versorg is.

TAALBEAMPTTE:



HOOFSTUK 1

INLEIDING EN DOELSTELLINGS

1.1 INLEIDING

Hoër opvoedkundige instellings word dikwels beoordeel in terme van akademiese standaarde en die kwaliteit van hulle uitsette. Dit is vanselfsprekend dat die handhawing en uitbouing van standaarde en die algemene kwaliteit van onderwyskundige dienste ideale verteenwoordig waarmee opvoedkundige instellings hulle maklik vereenselwig. Tog is dit duidelik dat alle instellings vir hoër onderwys in hulle pogings om gemelde ideale te bereik nie ewe suksesvol was nie en dit ook nie ewe entoesiasties nagestreef het nie.

Terwyl kwaliteitsversekering as sodanig binne hoër onderwyskundige geledere niks nuuts is nie, het dit in onlangse jare in verskeie lande as beleidselement prominent na vore getree op sowel die makro- as institusionele vlak. Terselfdertyd is kwaliteitsversekering bestuursmatig toenemend aangewend om bepaalde makro- en institusionele doelstellings te bereik. Daarmee het kwaliteitsversekering 'n groter mate van gestruktureerdheid begin toon en tot groter uniformiteit in benadering aanleiding gegee, laasgenoemde veral vanweë die koppeling van onderwyskundige kwaliteit aan staatsubsidies.

Die gebruik van kwaliteitsversekering as 'n bestuursmeganisme veral op die makro- of owerheidsvlak, is 'n resente verskynsel

met verreikende implikasies vir die hoër onderwys. Aanduidings bestaan dat dit 'n internasionale verskynsel is wat veral gedurende die afgelope dekade sterk na vore gekom het. Ook in Suid-Afrika is hierdie tendens waarneembaar, hoewel navorsers die onderwerp nog grootliks negeer het.

Die groter beklemtoning van kwaliteitsversekering binne die hoër opvoedkundige bestel kan nie in isolasie van verwickelinge op sosio-ekonomiese en politieke terreine gesien word nie. Waar Suid-Afrika tans op bykans elke terrein van die samelewing midde in 'n proses van dinamiese verandering staan, is dit essensieel om 'n makroperspektief rondom hierdie aangeleenthede te ontwikkel. Derhalwe word daar gekyk na bepaalde persepsies wat veral in Europa maar ook in Suid-Afrika rondom hoër onderwys bestaan.

1.2 VERANDERENDE PERSEPSIES RAKENDE TERSIËRE ONDERWYS

Gedurende die sewende Jaarkongres vir Universiteitsadministrateurs wat gedurende Julie 1991 by die Universiteit van Twente in Nederland aangebied is, het verskeie sprekers die tradisionele rol van universiteite in 'n snel veranderende wêreld bevraagteken. In sy openingstoespraak het Dr Van Lookeren Campagne (1991:1) opgemerk "Modern society ...has no patience with universities which want to continue the debate about the dilemma between mass education on the one hand and scientific excellence on the other. It has no patience with

universities who want to be autonomous and ask for hugely increasing funds from government at the same time. It has no patience with universities where efficiency is low." In dieselfde verband bevraagteken Van Kroonenburg (1991) en Bielec (1991) die beperkte tradisionele kulturele missie van universiteite en skryf die dalende staatsubsidies direk aan gemeenskapspersepsies rondom die relevansie van tradisionele universiteitsonderrigprogramme toe. Beide sprekers beklemtoon die behoefte aan onderrigprogramme wat meer relevant tot die behoeftes van die industrie is. In dieselfde trant meld Goedebuure et.al. (1990:15) dat regerings in Wes-Europa in hulle benaderings tot hoër opvoedkundige instellings toenemend aspekte soos relevansie, kwaliteit, effektiwiteit, doeltreffendheid, toerekenbaarheid en waarde-vir-geld beklemtoon. Dit is dus duidelik dat die verwagtinge van sowel die staat as die gemeenskap ten opsigte van hoër onderwysinstellings besig is om te verander. Verder blyk dit dat befondsing van sodanige instellings in Wes-Europa toenemend aan die kwaliteit van dienste gelewer, gekoppel word (Wright, 1989:149; Ball en Halwachi, 1987:393) en dat onvoorwaardelike toekenning van staatsubsidies tot die verlede behoort (Goedebuure et.al. 1990:15).

Bogemelde tendense geld nie slegs vir Europa nie, maar blyk in 'n mindere of meerdere mate ook te bestaan in Australië (Harman, 1988:251; Miller, 1988:3), Israel (Miron, 1988:175), die Verenigde State van Amerika (Aper et.al., 1990:471) en

Nieu-Seeland (Jones, 1983:3). Ook in Suid-Afrika vind daar soortgelyke verwikkelings plaas. Teen die agtergrond van 'n bykans stagnante nasionale ekonomie en die groeiende eise van 'n gefragmenteerde onderwysstelsel word die relevantheid en koste-effektiwiteit van opleiding dikwels bevraagteken (Naisbitt, 1989:24; Prisee, 1990:2; Breytenbach, 1990:12; Smit, 1990 b:4 en Maree, 1990:1). Terselfdertyd duur die debat rondom onderwyskundige kwaliteit en die handhawing van standarde voort (Shippey, 1990 (a):9), met sterk oproepe om hoër kwaliteit van opleiding vanuit sowel die privaatsektor (Bosman, 1988:2) as die Staat (De Klerk, 1989: 131; NASOP 02-129,1987). Dalende staatsubsidies, die groeiende beklemtoning van tegnologiese en beroepsopleiding (Alberts, 1990:4), die befondsing van uitsette waaronder studiesuksesse en navorsingspublikasies addisioneel tot studentegetalle, die instelling van die Sanso-stelsel en die daarstelling van die Sertifiseringsraad vir Technikons (Sertec) dui alles op 'n beweging in die rigting van groter koste-effektiwiteit, toerekenbaarheid en kwaliteitsversekering. Hoewel die motiewe vir gemelde verskynsels in Suid-Afrika anders as in Europa mag wees, is dit duidelik dat die breë tendens heelwat vergelykbare patrone openbaar.

Terwyl gemelde tendense soms as groter staatsinmenging in die funksionering van hoër opvoedkundige instellings en 'n aantasting van die outonomie en individualiteit van instel-

lings gesien word (Vroeijenstijn, 1990:21), bring dit nietemin die kernrol van kwaliteit in onderwyskundige beleid na vore. Ervarings in veral Nederland (Paardekoper en Spee, 1990:51, en Rullmann, 1990:235) toon dat die kwaliteit van onderwyskundige dienste nie alleen die spilpunt is waarom resente onderwyskundige en finansiële beleid vanaf owerheidsweë gebou word nie, maar dat die kwaliteit en relevansie van uitsette ook as regverdiging vir bestedings aan tersiëre onderwys dien (Elton, 1988:377; Johnes en Taylor, 1987:581).

1.3 KWALITEIT BINNE OPVOEDKUNDIGE VERBAND

Kwaliteit is 'n konsep wat op bykans elke produk of diens van toepassing is. Prakties gesproke, verwys kwaliteit normaalweg na die mate waarin 'n produk of diens daarin slaag om te bereik wat dit veronderstel is om te bereik (Cave, et.al. 1988:29). Dit is derhalwe die vlak van doelwitbereiking wat die kenmerkende eienskap is. Om daardie rede is kwaliteit 'n relatiewe konsep en kan dit alleen binne die konteks van bepaalde doelwitte gedefinieer word (Westerheijden, 1990: 183). Binne opvoedkundige verband is gemelde doelwitte derhalwe dié wat op hoër onderwys betrekking het. Dit spreek egter vanself dat die doelwitte van die akademiese en administratiewe sektore van hoër onderwysinstellings uiteenlopend kan wees, en dat daar boonop 'n verskeidenheid doelwitte binne elke sektor onderskei kan word. As gevolg van

die veelvuldigheid van opvoedkundige doelwitte en doelstellings is kwaliteit dus 'n multidimensionele konsep. Dit impliseer dat kwaliteitsversekeringsprogramme ook van 'n multidimensionele aard moet wees.

Die opvoedkundige bestel is hiërargies. Die staat as beleidmakende liggaam het uiteraard sekere makro- of beleidsdoelstellings wat van institusionele, fakulteits- of departementele doelstellings kan verskil. Net so kan die doelstellings en verwagtinge van die gebruiker van opvoedkundige dienste, naamlik die student, die werkgewer en die gemeenskap, uiteenlopend wees. Tog is al bogemelde komponente funksioneel gekoppel en spreek dit vanself dat die onderlinge wisselwerking tussen gemelde doelstellings 'n opvoedkundige instelling se funksionering sal beïnvloed. Ewe belangrik is die prioriteitstand van doelstellings. Op makrovlak sou dit argumentshalwe kan fokus op koste-effektiwiteit en bestuurskwaliteit of uitsetkwaliteit; op institusionele vlak op administratiewe kwaliteit, onderrigkwaliteit of navorsingskwaliteit, om maar net enkele aksente te noem. Dit is nietemin duidelik dat die besondere aksent of prioriteit van kwaliteitsdoelstelling op sowel makro- as institusionele vlak die bestuursopset en bedryfstyl van instellings sal beïnvloed. Volgens Clark (1983:56) en Spaapen (1988:73) het die prioriteit van doelstellings van Nederlandse universiteite sedert die sewentigerjare van die

akademiese na die administratiewe geskuif, met ander woorde vanaf uitsetkwaliteit na bestuurskwaliteit. Dit het terselfdertyd die magsbalans binne opvoedkundige instellings vanaf die akademiese na die administratiewe sektore verplaas. Laasgenoemde aksentverskuiwing kan herlei word tot die Staat se makrodoelstellings van koste-effektiwiteit en toerekenbaarheid.

In die lig van bogenoemde is dit insiggewend om daarop te let dat die werkgewer se verwagtings van hoër opvoedkundige instellings gesentreer is rondom uitsetkwaliteite, en meer spesifiek die kwaliteit of standaard van opleiding (Vroeijsstijn, 1990:24). Vir die student is kwaliteit hoofsaaklik gesetel in die kwaliteit van aanbiedinge en fisiese fasiliteite, terwyl dit uit die oogpunt van die akademici waarskynlik meer met die resenteheid van akademiese programinhoud, die ondersteunende infrastruktuur benodig vir die aanbieding daarvan en personeelkwaliteit sal verband hou.

Kwaliteit binne opvoedkundige verband het talle fasette. Volgens Vroeijsstijn (1990:24) sou 'n mens ook moet onderskei tussen insetkwaliteit, proseskwaliteit en uitsetkwaliteit. Eersgenoemde het te doen met keuring en toelatingsvereistes, terwyl uitsetkwaliteit hoofsaaklik betrekking het op die toegevoegde vermoëns en kundighede van afgestudeerde studente. Proseskwaliteit raak weer aan die hele opvoedkundige proses, wat insluit kurrikulumontwerp, programinhoud, stelsel van aanbieding en so meer. Dit is dus dan ook vanselfsprekend dat kwaliteitsevaluering hoofsaaklik op

proseskwaliteit konsentreer. Die hele debat rondom opvoedkundige kwaliteit word meer kompleks gemaak deur die verskillende agtervoegsels wat in die verband gebruik word. So word daar onderskei tussen kwaliteitskontrole, kwaliteitsmeting, kwaliteitsevaluering, kwaliteitsverbetering, kwaliteitsbeheer, kwaliteitsbestuur, kwaliteitsversekering en kwaliteitsorg. Weer eens kan die aksent op die kontrole en beheeraspekte of op die sorg en verbetering van kwaliteit geplaas word. Aanduidings bestaan dat die staat kwaliteit dikwels uit die oogpunt van kontrole en beheer benader, terwyl opvoedkundige instellings neig om die aksent op kwaliteitsverbetering te plaas. In die verband is Vroeijenstijn en Acherman (1990:81) van mening dat "The most important question is: does quality assessment aim at control and measurement of quality in order to take decisions for planning and allocation of funds based on the outcomes, or is quality assessment used to influence and improve quality? A connected question is whether quality assessment is undertaken in the framework of self-regulation of the university system or in the framework of state control and government steering". Daaruit blyk dit dat die kwaliteitsaangeleentheid 'n kernelement in die beheer en bestuur van hoër opvoedkundige instellings is. Dit is ook duidelik dat die outonomie van instellings daardeur beïnvloed kan word en dat dit as sodanig aangespreek moet word.

Vanweë die toenemende klem op kwaliteitsaspekte binne tersiêre onderwysverband het sowel die identifikasie van toepaslike kwaliteitsmaatstawwe as die meting van kwaliteit reeds talle debatte binne opvoedkundige geledere tot gevolg gehad. Dit is sonder meer duidelik dat die meting van kwaliteit binne opvoedkundige konteks 'n komplekse aangeleentheid is. Enersyds lei die veelvuldigheid van doelwitte binne opvoedkundige verband tot 'n potensieel groot verskeidenheid van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe meetinstrumente, waarvan sommige direk en ander indirek van aard is. Andersyds wil dit voorkom asof staatsdepartemente en opvoedkundige instellings uiteenlopende perspektiewe en voorkeure ten opsigte van verskillende tipes meetinstrumente het en dat die wedersydse aanvaarbaarheid van gemelde instrumente ook probleme skep. Dit is nietemin duidelik dat die evaluering van kwaliteit deur sowel staatsliggame as opvoedkundige instellings as wenslik beskou word, hoewel die motiverings, doelstellings en gebruike daarvan mag verskil (Kells, 1990 : 213).

Daar bestaan min twyfel dat opvoedkundige instellings lank reeds wêreldwyd in 'n mindere of meerdere mate en om verskeie redes akademiese kwaliteit nagestreef het. Sodanige optrede is aanvanklik intern gestimuleer en nie noodwendig op 'n gestruktureerde basis aangepak nie. Sedert ongeveer 1980 het die situasie in sekere Europese lande dramaties verander, grootliks vanweë staatsoptrede in die verband, waardeur 'n eksterne druksisteem ontwikkel het (Prosser en Trigwell, 1990: 135; Johnes en Taylor, 1987:581). Die resultaat daarvan was 'n opbloeï in kwaliteitsbewustheid op institu-

sionele vlak en die ontwikkeling van omvattende kwaliteitsversekeringstelsels aan veral Britse en Nederlandse instellings vir hoër onderwys. In die proses het kwaliteitsversekering nie net 'n integrerende deel van staatsbeleid in gemelde lande geword nie, maar het kwaliteit van opvoedkundige dienste 'n belangrike bestuursdoelwit op institusionele vlak geraak. Vanweë die veelvuldigheid van moontlike kwaliteitsdoelstellings het kwaliteitsversekering in strategiese beplanningsaksies op institusionele vlak al' hoe meer prominent begin figureer (Mc Vicar, 1990:43) en dit is duidelik dat kwaliteitsversekering 'n integrerende deel van strategiese bestuur op institusionele vlak behoort te vorm (Steyn, 1990:4).

1.4 DOEL VAN STUDIE

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat kwaliteitsversekering toenemend 'n kernelement in tersiêre bestuur op sowel die makro- as die institusionele vlak word. Dit is verder 'n resente ontwikkeling wat reeds omvangryke internasionale afmetings aanneem. Aangesien gemelde verwickelinge verreikende implikasies vir hoër opvoedkundige instellings in Suid-Afrika kan inhou, is dit aktueel om die relevantheid daarvan vir plaaslike instellings te ondersoek. Vanweë die resenteheid van die ontwikkelings is ervarings beperk en is die navorser prakties aangewese op wat in die Verenigde Koninkryk en Nederland ondervind is. Gemelde twee lande word allerweë as die toonaangewende lande op die betrokke gebied in Wes-Europa beskou (Goedebuure et.al. 1990:16). Die doel van die studie kan dan soos volg saamgevat word:

- * Om die ontwikkeling van kwaliteitsversekeringstelsels aan hoër opvoedkundige instellings in die Verenigde Koninkryk en Nederland te ondersoek;
- * Om maatstawwe van kwaliteit soos gebruik in gemelde twee lande te identifiseer en te evalueer;
- * Om die invloede van kwaliteitsversekeringstelsels op instellings van hoër onderwys te bepaal;
- * Om die relevantheid van die bevindings met betrekking tot teknikons in Suid-Afrika te ondersoek en aanbevelings in die verband te doen.

1.5 Navorsingsmetodologie en organisasie van studiemateriaal

Na 'n aanvanklike studie van plaaslik beskikbare literatuur, gerugsteun deur elektroniese biblioteeksoektogte, is 'n maandlange studiereis na Nederland en die Verenigde Koninkryk onderneem ten einde eerstehandse kennis oor kwaliteitsversekering in te win. Tydens die reis is relevante bronne versamel, onderhoude met verskeie universiteitsrektore en senior staatsamptenare gevoer en verskeie opvoedkundige instansies besoek. Daarna is die relevante inligting aan die beskikbare bronne onttrek, verwerk, geëvalueer en geïntepreter. Hoofstukke 2 en 3 bevat 'n oorsig van

die bevindings ten opsigte van ervarings in die Verenigde Koninkryk en Nederland, gevolg deur 'n samevatting in hoofstuk 4 van die kerneienskappe van kwaliteitsversekeringstelsels in bogemelde twee lande. Hoofstuk 5 word gewy aan 'n beskrywing van raamwerke vir kwaliteitsversekering aan teknikons en universiteite in Suid-Afrika waarin die klem op teknikons geplaas word. Ten slotte word die plaaslike situasie met die in Nederland en die Verenigde Koninkryk vergelyk en sowel bepaalde gevolgtrekkings as enkele aanbevelings gedoen. Vir die doel van hierdie studie word die begrippe "Britse" en "Verenigde Koninkryk" as sinonieme gebruik.

HOOFSTUK 2

KWALITEITSVERSEKERING AAN INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS IN DIE VERENIGDE KONINKRYK

2.1 INLEIDING

Struktureel kan die Britse hoër onderwysstelsel in twee komponente verdeel word, naamlik die universiteitskomponent en die sogenoemde openbare sektor komponent bestaande uit die polytechnics en die kolleges. Laasgenoemde word vir die doel van hierdie studie weggelaat.

Funksioneel beskou, is die skeiding tussen die twee sektore nie absoluut nie en heelwat oorvleueling kom voor. Breedweg neig polytechnic-kursusse om meer beroepsgerig te wees, terwyl hulle 'n kleiner proporsie navorsingstudente en 'n groter proporsie deeltydse studente as universiteite akkommodeer. Toelatingsvereistes vir beide tipe instellings is egter dieselfde, terwyl onderrigprogramme en die uiteindelijke kwalifikasiestruktuur ook vergelykbaar is. Volgens Brennan (1990:104) is akademiese standaarde ook bedoel om dieselfde te wees vir sowel kolleges, polytechnics as universiteite. Daar is dus nie veronderstel om 'n kwaliteitshierargie te wees nie, en hoewel universiteite tradisioneel 'n groter mate van outonomie het, is dit duidelik dat sekere polytechnics beter akademiese reputasies as sommige universiteite het (Mc Vicar, 1990:40).

2.2 SLEUTELGEBEURTENISSE IN DIE ONTWIKKELING VAN KWALITEITS- VERSEKERINGSTELSELS

Die status van tersiêre onderwysinstellings word dikwels gekoppel aan akademiese kwaliteit. Derhalwe bestaan daar min twyfel dat die nastreef van akademiese kwaliteit ten minste bloot om intern gemotiveerde statusredes lank reeds 'n doelstelling van Britse hoër onderwysinstellings was. Sedert die sewentigerjare het die strewe na kwaliteit verdere momentum gekry as gevolg van die opbou van eksterne drukfaktore. Laasgenoemde is veral die resultaat van 'n aantal gebeurtenisse wat vervolgens verder toegelig word.

2.2.1 Die Thatcher-era

Met die bewindsaanvaarding van die Konserwatiewe regering van mev. Margaret Thatcher in Mei 1979, het die funksionering van die openbare sektor sterk onder die vergrootglas gekom. Vrae rondom die openbare aanspreeklikheid van instellings met die besteding van staatsfondse het gelei tot oproepe om groter effektiwiteit en doeltreffendheid, meer waarde vir geld in terme van dienslewering, 'n beweging in die rigting van privatisering van staatsinstellings, en gevolglik ook dalende staatsbydraes tot openbare dienste (Goedebuure et.al., 1990:20). Hoër onderwys kon hierdie verwickelings nie vryspring nie. Staatssubsidies vir hoër onderwys het skerp begin daal en binne die breë onderwysbeleids-

raamwerk is groter prominensie aan 'n waarde-vir-geld benadering gegee (Mawditt, 1990:3). Dit het direk aanleiding gegee tot die instelling van 'n reeks kwaliteitsversekeringstelsels, insluitende prestasiemaatstawwe (Cave et.al., 1988:9). Met die verdeling van universiteitsubsidies in 1981 het die "University Grants Committee" (UGC) 'n stap verder gegaan deur die besnoeiings op subsidies nie eweredig toe te pas nie, maar dit te koppel aan onderrigkwaliteit. Dit het 'n debat oor die meting van onderrigkwaliteit tot gevolg gehad en die instelling van prestasiemaatstawwe bevorder (Goedebuure et.al.,1990:21).

2.2.2 Die Jarratt-verslag

Die Jarratt-verslag (1985) het hoofsaaklik gehandel oor effektiwiteit in hoër onderwysbestuur. In dié opsig is dit belangrik om te onderskei tussen effektiwiteit en doeltreffendheid. Goeie onderwysbestuur volgens Johnes en Taylor (1987:581) word gekenmerk deur sowel effektiwiteit in die aanwending van hulpbronne (insette) as die doeltreffendheid waarmee doelwitte bereik word (uitsetdoeltreffendheid). Binne onderwyskundige verband dui effektiwiteit meer op doelmatige organisasie, administrasie en bestuur van menslike en materiële hulpbronne. As sodanig word effektiwiteit dikwels

aan koste-effektiewe bestuur gekoppel. Doeltreffendheid daarenteen, koppel sterker aan akademiese en onderwyskundige doelwitte. Dit gaan dus meer om die kwaliteit van uitsette as doelmatige bestuur.

Soos uitgewys in die Jarrat-verslag (1985:22) en bevestig deur Ball & Halwachi (1987:393) beskik hoër onderwysinstellings in die Verenigde Koninkryk selde oor duidelik geformuleerde bestuursdoelwitte, met die gevolg dat koste- en bestuurseffektiwiteit ook nie na wense is nie. Sowel die Jarratt-verslag as die daaropvolgende Witskrif (UK, 1987:30) beklemtoon die belangrikheid van bestuursdoelwitte en beveel ook die gebruik van kwantitatiewe prestasiemaatstawwe aan vir die monitering en evaluering van bestuurstake. Teen die agtergrond van dié aanbevelings het 'n werksgroep van die "Committee of Vice-Chancellors and Principals" (CVCP) in 1986 reeds met voorstelle in die verband gekom. Die voorstelle is in die daaropvolgende jaar verder verfyn tot 'n stel van 39 prestasiemaatstawwe. Soortgelyke ondersoeke is deur die "National Advisory Council for Public Sector Institutions" - d.w.s. polytechnics en kolleges - onderneem. Die beklemtoning van doelmatige en koste-effektiewe bestuur sowel as die uitbreidende kontrolestelsels het spoedig kritiek ontlok en die regering is daarvan

beskuldig dat sy motief koste-effektiwiteit eerder as onderwyskwaliteit is (Goedebuure et. al. 1990:21), terwyl dit as 'n aantasting van die outonomie van hoër onderwysinstellings (Wright, 1989:149) gesien is.

2.2.3 Die Reynolds-verslag

Die Reynolds-verslag van 1986 was hoofsaaklik gemik op die handhawing van akademiese standaarde aan universiteite. Die verslag, sowel as verdere verslae wat in 1987, 1988 en 1989 verskyn het, fokus op onderrigkwaliteit, die ontwikkeling van onderrigprogramme, en akademiese personeelkwaliteite (Young, 1990:71). Dit raak ook aan institusionele self-evaluering, wat in baie opsigte beskou kan word as die resultaat van veral universitêre reaksie op ekstern gemotiveerde kontrolestelsels. Die reeks verslae het uiteindelik ook gelei tot die daarstelling van die Akademiese Ouditeenheid binne die universiteitswese.

2.2.4 Die Onderwys hervormingswet van 1988

Gemelde wet word as die mees omvattende en selfs radikale onderwyswet sedert 1944 omskryf (Maclure, 1988:14). Die verwantskappe tussen effektiwiteit en onderwyskwaliteit word in paragraaf 4 van die wet

soos volg uiteengesit: "The Government's aim is to help secure a high quality and cost effective higher education system which plays its part in meeting the nation's social and economic needs and provides for the advancement of knowledge and the pursuit of scholarships" (U.K., Education Reform Act, 1988).

Daaruit kan die volgende doelstellings afgelei word:

- * Kennisbevordering
- * Kwaliteitsonderwys
- * Koste-effektiwiteit
- * Relevansie in terme van sosio-ekonomiese behoeftes

Dit is nietemin duidelik dat die wet nie die staat se doelstellings duidelik en omvattend uitspel nie en dat doelstellings dikwels van staatsoptredes afgelei moet word (Mc Vicar, 1990:39). Boonop leen die struktuur van Britse hoër onderwys hom nie tot 'n totale uniformiteit in terme van doelstellings nie. Onsekerhede rondom doelstellings beïnvloed egter sowel kwaliteitsversekering as die monitering van programme. Ten einde groter duidelikheid oor kwaliteitsversekering te kry, word die twee sektore binne die Britse hoër onderwysbestel vervolgens afsonderlik behandel.

2.3 DIE UNIVERSITEITSEKTOR

Universiteite in die Verenigde Koninkryk is selfstandige en outonome liggame met hulle eie wette en statute. Samewerking met ander universiteite geskied grootliks op eie inisiatief en vry van dwang. Universiteite beskik weliswaar oor 'n nasionale forum vir samewerking in die vorm van die "Committee of Vice Chancellors and Principals (CVCP). Voortvloeiend uit die Onderwys hervormingswet van 1988 is 'n tweede liggaam bekend as die "University Funding Council" (UFC) as plaasvervanger vir die "University Grants Commission" (UGC) in die lewe geroep. Die UFC is primêr gemoeid met die allokasie van hulpbronne aan universiteite en is die meganisme waardeur alle staatsfondse na universiteite gekanaliseer word. As sodanig speel dit 'n belangrike rol in die stelsel van kwaliteitsversekering (Young, 1990:71).

Insoverre dit die handhawing en uitbouing van akademiese standaarde betref, veral ten opsigte van onderrig en navorsing, rus die onus primêr op die universiteite self. In terme van hulle outonome posisie is dié verantwoordelikheid ook 'n onvervreembare reg, hoewel die toepassing daarvan uiteenlopend mag wees. Tradisioneel word insetkwaliteite intern beheer deur bepaalde keuringsmeganismes daar te stel, terwyl uitsetkwaliteite deur 'n stelsel van eksterne eksaminatore hanteer is. Laasgenoemde verteenwoordig 'n vorm van eweknie-evaluering. Daardeur is

erkenning verleen aan die beginsel van 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid. Met die verskyning van die Jarratt-verslag (1985) wat op universitêre bestuur gefokus het, sowel as die Reynolds-verslag (1986) is die beginsel van gemeenskaplike verantwoordelikheid in kwaliteitsversekering uitgebou. Daardeur het die fokus verskuif vanaf suiwer akademiese aangeleenthede na die globale universiteit-sisteem (Sizer, 1988:136).

Die CVCP het nie alleen gemelde fokusverskuiwing aanvaar nie, maar veral na aanleiding van die Reynolds-verslag 'n aantal substelsels geïdentifiseer wat op deurlopende basis aangespreek moet word ten einde kwaliteit te verseker. Dié stelsels het betrekking op onderrigkwaliteit, die ontwerp van onderrigprogramme, akademiese personeelkwaliteit sowel as eksterne evaluering. Wat laasgenoemde betref, is dit veral die daarstelling van die Akademiese Ouditeenheid wat belangrik is.

Die Akademiese Ouditeenheid is geskep met die primêre doel om kwaliteitsversekeringstelsels aan universiteite te monitor. Die eenheid besoek universiteite op die basis van 'n "onderhandelde uitnodiging" (Young, 1990:73). Sodanige besoeke neem derhalwe die vorm van 'n eksterne audit van institusionele kwaliteitsversekeringstelsels aan. Die ouditeringsproses fokus op die totale kwaliteit van die universiteit en nie slegs op geselekteerde subsysteme nie. Dit steun swaar op inligting verkry uit institusionele self-

evalueringstelsels sowel as prestasiemaatstawwe en ander kwantitatiewe aanduiders. Die resultate van die evaluering word in verslagvorm aan elke betrokke universiteit beskikbaar gestel met die versoek om dit openbaar te maak. Sodoende word die universiteit ook teenoor die publiek in terme van die kwaliteit van sy breër opvoedkundige taak aanspreeklik.

Gloobaal beskou, is die stelsel van eweknie-evaluering soos aanvanklik in eksterne evaluering van eksamenskrifte beliggaam, aansienlik uitgebrei tot 'n meer geformaliseerde struktuur wat die totale sisteem aanspreek. In die proses is daar ook toenemend op kwantitatiewe prestasiemaatstawwe gefokus. In dié verband word laasgenoemde as aanvullend en ondersteunend tot eweknie-evaluering gesien (Sizer, 1990: 55). Die hele kwessie van prestasiemaatstawwe en die koppeling daarvan met die UFC word in meer besonderhede later in die hoofstuk uiteengesit.

2.4 DIE OPENBARE SEKTOR-INSTELLINGS

Openbare sektor-instellings soos polytechnics en kolleges beskik tradisioneel nie oor dieselfde mate van outonomie as universiteite nie. Die outoriteit om grade toe te ken, berus byvoorbeeld nie by die individuele instellings nie, maar is sedert 1964 in die "Council for National Academic Awards (CNAAGesetel (Brennan, 1990:105). Die statute van die CNAA vereis dat grade wat toegeken word van 'n

ekwivalente standaard as dié van universiteite moet wees. Daardeer is 'n gesentraliseerde outoriteit geskep waardeur vergelykbare minimum uitsetstandaarde op nasionale grondslag verseker word. Terwyl die CVCP dus slegs deur middel van sy akademiese Ouditeenheid inspraak in die standarde van individuele universiteite het sonder om voorskriftelik te kan wees, het die CNAA veel groter direkte inspraak in kwaliteitsaangeleenthede van individuele instellings. In teenstelling met die CVCP wat uit verteenwoordigers van individuele universiteite bestaan, is die CNAA egter nie saamgestel uit verteenwoordigers van hoër onderwys-instellings nie en kan dit as 'n eksterne organisasie beskou word.

Hoewel die CNAA oor omvattende magte en bevoegdhede beskik, is dit duidelik dat die akademiese outonomie van instellings gerespekteer word. Programinhoud en kurrikula word deur akademici bepaal en nie deur die staat of enige buite-instansie nie. Akademici is in dié opsig ook deur die prosesse van kursusvalidering en eksterne eksaminering aanspreeklik teenoor hulle akademiese eweknieë. Nasionaal vergelykbare onderwysstandaarde binne die onderwyssektor is dan ook bereik deur middel van 'n stelsel van gereelde ewekniebeoordeling. Aanvanklik is sodanige beoordeling hanteer deur panele van kundiges afkomstig uit sowel akademiese kringe as die bedryf. Aansoeke om nuwe kursusse moes deur die panele goedgekeur word. Na goed-

keuring word programme periodiek geëvalueer, gewoonlik op 'n vyfjaarlikse basis. Verslae deur eksterne beoordelaars tesame met studentemenings word dan by die evaluering van programme in ag geneem. Kursusvalidering word ook deur eksterne eksaminering aangevul. In teenstelling met universiteite moet eksterne eksaminatore egter deur die CNAA goedgekeur word.

Die verhouding tussen die CNAA en individuele instellings is nie staties nie, met 'n algemene neiging in die rigting van groter outonomie vir instellings. Hoewel programme steeds geëvalueer word volgens die beginsels en regulasies wat deur die CNAA bepaal is, is veral die polytechnics nadat programgoedkeuring verkry is, grootliks self vir die handhawing van standarde verantwoordelik. Sedert 1988 het die CNAA die mag aan polytechnics gedelegeer om self programme te keur en te hersien. Die belangrikste vereiste was dat instellings goedgekeurde prosedures moes volg en dat 'n element van eksterne eweknie-evaluering aanwesig moes wees (Brennan, 1990:106). In die praktyk beteken dit bloot dat die samestelling van die ewekniepanele verander het en tans hoofsaaklik uit interne personeel bestaan.

Vandag is alle polytechnics en verskeie kolleges reeds deur die CNAA geakkrediteer om gedelegeerde funksies van kwaliteitsversekering te hanteer. Die akkreditasie van

inrigtings is geskeduleer om in 1993 'n stap verder te gaan wanneer alle polytechnics volle universiteitstatus sal verkry. Dit beteken ook dat die CNAА in sy huidige vorm sal ophou bestaan.

Die gewysigde samestelling van die evalueringspanele het in onlangse jare die nasionale karakter van programkwaliteite in gedrang gebring. Waar die panele tans oorwegend bestaan uit interne persone met min of geen kennis van vergelykbare programkwaliteite by ander instansies nie, is dit verstaanbaar. Die CNAА het derhalwe besluit om 'n nasionale inligtingsregister te publiseer ten einde 'n verwysingsraamwerk vir beoordeling daar te stel. Die register bevat o.a. 'n naamlys van vakkundiges wat as eweknieë gebruik kan word. Daardeur poog die CNAА om eweknieë-evaluering 'n nasionale karakter te laat behou. Die uitruil en verspreiding van inligting word verder versterk deur 'n jaarlikse program van seminare en werkwinkels vir doserende personeel, sowel as die voorsiening van databasisse waardeur instellings in staat gestel word om hulle eie prestasies aan nasionale data te meet. Gemelde databasisse is gegrond op kwantitatiewe prestasiemaatstawwe. (Brennan, 1990:109).

Inaggenome die CNNA se missie om grade van ekwivalente standaarde as dié van universiteite te verseker, is dit duidelik dat die hoofdoel met kwaliteitsversekering die

daarstelling van 'n nasionale minimum drempelkwaliteit is. Tweedens is kwaliteitsversekeringsstelsels gemik op die verbetering van standaarde, d.w.s. op relatiewe kwaliteit. Terwyl laasgenoemde dikwels 'n belangrike oogmerk met die validering en hersiening van programme was (Brennan, 1990: 140), het die nasionale vergelykbaarheid van standaarde hoofsaaklik met drempelkwaliteit te doen. Die prosesse van eweknie-evaluering en institusionele selfevaluering is nietemin hoofsaaklik op kwaliteitsverbetering gemik.

Die onderskeid tussen drempelkwaliteit en relatiewe kwaliteit is belangrik en vind weerklank in die bestaan van twee liggame, naamlik die CNAA en die Staatsinspektoraat. Terwyl die CNAA se kwaliteitsversekeringsprogramme gerig is op gewaarborgde minimum drempelkwaliteit, fokus die Inspektoraat op relatiewe of vergelykende kwaliteit. Dit word gehanteer in die vorm van gereelde inspeksies waardeur inligting oor vergelykende kwaliteit ingewin word. Die kwaliteitsrangorde wat sodoende bepaal word, bied die enigste kwalitatiewe insette by die stelsel van kompeterende tenders. Kwaliteitsversekeringsmaatstawwe word dus direk aan befondsing van instellings gekoppel. Daaruit blyk dit dat institusionele selfevalueringprogramme ook 'n finansiële motief het. Instellings verkeer derhalwe ook onder druk om hulle eie prestasiemaatstawwe te ontwikkel en hulle bestuurstelsels te monitor. Trouens, die ontwikkeling van prestasiemaatstawwe as komponent van kwaliteitsversekering behoort aan institusionele doelwitte en die hele

proses van strategiese beplanning (Mc Vicar, 1990:72) gekoppel te word.

Ten slotte is dit insiggewend om daarop te let dat befondsing van die openbare onderwyssektor deur middel van die "Polytechnic and Colleges Funding Council" (PCFC) geskied en dat die liggaam op 'n soortgelyke basis as die UFC in die geval van universiteite funksioneer. In beide gevalle word befondsing egter aan kwaliteitsmaatstawwe gekoppel. (Goedebuure et.al. 1990:22).

2.5 KORPORATIEWE DOELSTELLINGS EN KWALITEITSAANGELEENTHEDE

Hoewel owerheidsdoelstellings ten opsigte van hoër onderwysinstellings dikwels nie duidelik geartikuleer is nie, kan aanvaar word dat dit nie staties is nie, maar dat daar ten minste aksentverskuiwings sal plaasvind namate gemeenskapsbehoefte verander. Wat die Verenigde Koninkryk betref, is hierdie veranderende aksente waarskynlik die duidelikste weerspieël in die huidige Konserwatiewe Party se beleidstandpunte oor die funksionering van staats- en verwante instellings. Wat die hoër onderwyssektor betref, word daar benewens die meer tradisionele breër opvoedkundige doelstellings prominent gefokus op die volgende aspekte:

- * Ekonomie in die verkryging en gebruik van hulpbronne
- * Effektiwiteit in die aanwending van hulpbronne
- * Doeltreffendheid in die bereiking van doelwitte op

sowel institusionele as ander operasionele vlakke binne instansies.

Soos in die Jarratt-verslag (1985) aanbeveel, impliseer dit die ontwikkeling van strategiese planne waardeur institusionele optredes gerig, beplan en bestuur kan word en waardeur akademiese, finansiële en fisiese aspekte binne 'n korporatiewe proses van besluitneming gehanteer kan word. Volgens 'n interpretasie van die Britse Departement van Onderwys en Wetenskap (1987) behels doeltreffende optredes deur instansies ook relevansie tot gemeenskaps-behoeftes. In dié verband is dit veral die tegnologiese behoeftes van die samelewing wat beklemtoon word. Daar bestaan gevolglik druk op veral universiteite "....to change their culture from the free oligarchic and consensus model supported by administrative styles of management to an entrepreneurial and market economy model with executive styles of management" (Lee en Piper, 1988:113). Veral doelwitbestuur word in die proses beklemtoon. Die Jarratt-verslag (1985:36) meld in hierdie verband dat afdelingshoofde (nie afdelings nie) aanspreeklikheid moet aanvaar vir die implementering van strategieë, die aanwending van hulpbronne, kwaliteitskontrole en die handhawing van standaarde. Soos reeds vroeër vermeld, het universiteite ook 'n gemeenskaplike verantwoordelikheid met die handhawing van standaarde aanvaar. Dit dui op 'n kollektiewe poging om aanvaarbare kwaliteitdienste te lewer.

Die hele kwessie van aanspreeklikheid en toerekenbaarheid binne die hoër onderwys-sektor het 'n nuwe betekenis verkry met die besluit van die twee befondsingsliggame (UFG en PCFC) om fondse op kontrakbasis vir bepaalde onderrig en navorsingstake toe te ken. Op institusionele vlak sal instansies derhalwe aanspreeklik gehou word vir sowel die implementering van strategiese planne as die lewering van onderwyskundige en navorsingsdienste waarvoor kontrakte verkry is. (PCFC, 1989:3). Kontraktuele toekennings word direk aan kwaliteit gekoppel. Hoewel gemelde uitgangspunte kritiek ontlok het, veral ten opsigte van die meting van onderrigkwaliteit (Elton, 1987:9), het sowel die PCFC as die UFC laat blyk dat hulle besluite oor die toekenning van onderrigkontrakte meer op die prosesse as op uitsette van 'n minimum kwaliteit gebaseer is (PCFC, 1989:3). Befondsing van navorsing berus egter op uitsetkwaliteite.

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat kwaliteit 'n sleutelaspek is in die bepaling van institusionele doeltreffendheid, sowel wat onderrig as navorsingsaktiwiteite betref. Dit is verder duidelik dat die toerekenbaarheid ten opsigte van kwaliteitsversekering en institusionele doeltreffendheid asook die suksesvolle implementering van strategiese en aksieplanne toenemend voor die deur van die instansie gelê word, ondanks groeiende outonomie aan veral die kant van die polytechnics. Groter outonomie, veral ten opsigte van die reg om kwalifikasies uit te reik, gaan dus gepaard met groter

toerekenbaarheid ten opsigte van bestuurseffektiwiteit en institusionele doeltreffendheid. Dit is verder duidelik dat kwaliteitsversekering nie alleen as 'n integrerende deel van strategiese beplanning beskou word nie, maar dat die finansiële lewenskragtigheid van instellings inderdaad daaraan gekoppel word. Binne hierdie konteks is die ontwikkeling van prestasiemaatstawwe van kardinale belang.

2.6 KWALITEITSMATSTAWWE EN -GEBRUIKE

Soos reeds aangetoon, word die kwaliteit van onderwysdienste gekoppel aan die mate waarin doelwitte bereik word. Kwaliteit is dus 'n relatiewe konsep wat alleen binne die konteks van bepaalde doelwitte gedefinieer kan word. Dit is ook multidimensioneel van aard vanweë die diversiteit van doelwitte van akademiese en administratiewe aard wat binne opvoedkundige instellings mag bestaan. Vanweë die diversiteit van doelwitte en doelstellings spreek dit vanself dat 'n wye verskeidenheid meetinstrumente van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe aard nodig is ten einde kwaliteit te bepaal.

2.6.1 Prestasiemaatstawwe

Voortvloeiend uit die bevindings van die Jarratt-verslag (1985:22) rakende die wenslikheid van prestasiemaatstawwe het die CVCP en die UGC gesamentlik aanbeveel dat 'n reeks van prestasiemaatstawwe binne die universiteitsektor

ontwikkel word met die doel om enersyds onderlinge vergelykings tussen instansies moontlik te maak en andersyds inligtingsbasisse vir interne besluitneming te skep (CVCP, 1985:36). Hoewel daar dus druk vanuit owerheidsweë uitgeoefen is, het die CVCP die verantwoordelikheid aanvaar om binne eie geledere die nodige te doen.

Die eerste stel bestuurstatistiek en prestasiemaatstawwe is in 1987 gepubliseer (CVCP, 1987) met toevoegings in die daaropvolgende jare (CVCP 1988, 1989). In die proses is die aanvanklike lys van 39 maatstawwe tot 54 in 1988 uitgebou (Tabel 2.1). Gemelde maatstawwe het betrekking op sowel insette as prosesse en uitsette.

Tabel 2.1

BESTUURSINLIGTING EN PRESTASIEMAATSTAWWE SOOS AANBEVEEL DEUR DIE

CVCP:

- 1 Uitgawe per VE-student
- 2 Uitgawe per VE-akademiese personeel
- 3 Uitgawe per ondersteunende personeel per VE akademiese-personeel
- 4 Uitgawe op toerusting per VE-akademiese personeel
- 5 Navorsingsverdienste per VE-akademiese personeel
- 6 Nagraadse navorsingstudente as persentasie van VE-studente
- 7 Nagraadse onderrig (kursus-) studente as persentasie van totale VE-studente
- 8 Nagraadse studente as persentasie van totale VE-studente

- 9 Verhouding tussen VE-studente en VE-akademiese personeel
- 10 Administratiewe uitgawes as persentasie van totale uitgawes
- 11 Administratiewe salarisse as persentasie van administratiewe uitgawes
- 12 Administratiewe uitgawes per VE-student
- 13 Administratiewe uitgawes per VE-akademiese personeel
- 14 Biblioteekuitgawes as persentasie van totale uitgawes
- 15 Koste van publikasies as persentasie van biblioteekuitgawes
- 16 Biblioteeksalariskoste as persentasie van totale biblioteek- uitgawes
- 17 Biblioteekuitgawes per VE-student
- 18 Biblioteekuitgawe per VE-akademiese personeel
- 19 Boekuitgawes per VE-student
- 21 Rekenaaruitgawes as persentasie van totale uitgawes
- 22 Salarisse van rekenaarpersoneel as persentasie van totale rekenaarkoste
- 23 Rekenaaruitgawes per VE-akademiese personeel
- 25 Terreinwerke as persentasie van totale administratiewe kostes
- 26 Terreinwerksalarisse as persentasie van totale terrein- uitgawes
- 27 Krag en wateruitgawes as persentasie van totale uitgawes
- 28 Skoonmaakdienste as persentasie van totale administratiewe kostes
- 29 Onderhoud en instandhouding as persentasie van totale administratiewe kostes
- 30 Telefoonkoste as persentasie van administratiewe kostes.
- 31 Terreinkostes per VE-student
- 32 Terreinwerksalarisse per VE-student

- 33 Krag en water per VE-student
- 34 Skoonmaakdienste per VE-student
- 35 Onderhoud en instandhouding per VE-student
- 36 Telefoonkoste per VE-student
- 37 Koste van loopbaandienste per VE-student
- 38 Koste van studenteverenigings per VE-student
- 39 Indiensnamesyfers van studente na 6 maande
- 40 Totale aantal gegradueerdes wat in diens geneem is
- 41 Totale aantal (of proporsie) werklose gegradueerdes
- 42 Verwagte getal werkloses
- 43 Verskil tussen aanwysers 41 en 42
- 44 Verskil per 100 VE-studente
- 45 Aantal suksesvolle studente
- 46 Persentasie suksesvolle studente wat nie verder studeer nie
- 47 Lengte van kursus
- 48 Sukseskoers volgens bywoning
- 49 Studieperiode as persentasie van lengte van kursus
- 50 Toelatingsvereistes (Aantal A-vlakke)
- 51 Toelatingsvereistes (Totale aantal A-simbole)
- 52 Toelatingsvereistes (Aantal Skotse Hoër Sertifikate)
- 53 Toelatingsvereistes (Aantal Skotse Hoër simbole)
- 54 Toelatingsvereistes (Ander kwalifikasies)

Bogemelde maatstawwe het klaarblyklik meer betrekking op effektiwiteit as doeltreffendheid en werk is tans aan die gang om ook laasgenoemde na behore aan te spreek. Vroeë aanduidings bestaan dat die gepubliseerde prestasiemaat-

stawwe 'n betekenisvolle bydrae kan maak tot eksterne toerekenbaarheid ten opsigte van organisatoriese effektiwiteit sowel as die interne bestuur van instansies kan lewer. Dit blyk egter minder effektief te wees ten opsigte van die eksterne toerekenbaarheid vir die effektiewe bestuur van navorsingsfondse en onderrigkwaliteit. Daarenteen is die UFC van mening dat bogemelde prestasiemaatstawwe befondsingsliggame sal help met die monitering en implementering van befondsingskontrakte en institusionele ontwikkelingsstrategieë, veral aangesien elke universiteit versoek is om eie doelwitte te stel en dat laasgenoemde sover moontlik kwantifiseerbaar moet wees (UFC, 1989).

2.6.2 Perspektiewe rondom die ontwikkeling van prestasiemaatstawwe

Die debat rondom die ontwikkeling van prestasiemaatstawwe en die mate waarin dit aan sowel makrodoelstellings as institusionele doelstellings beantwoord en effektiwiteit en doeltreffendheid kan meet, is omvattend, reserant en internasionaal van aard. Op die makrovlak illustreer die werke van Aper et.al. (1990) in die VSA en Harman (1988) in Australië die tendens. Op institusionele vlak word die debat gevoer deur Van Os et.al. (1987) in Nederland en Smit (1990(a)) in die RSA. Op operasionele vlak kom 'n diverse patroon na vore namate kwaliteit van dienste

aan uiteenlopende doelwitte gekoppel word. Programkwaliteit word in die proses aangespreek deur Van Berkel (1990), Hurworth en Henry (1985), Qayum Safi en Miller (1987), Jones (1983) en Prosser en Trigwell (1990). Personeelkwaliteitsmetings is die onderwerp van bespreking by Bitzer (1987), Parks (1985) Thompson et.al. (1990) en Arubay (1987), terwyl onderrigkwaliteit onder andere deur Du Plessis (1990) en Clark (1987) gedebatteer word.

Binne die Verenigde Koninkryk is daar tot dié hede waarskynlik groter vordering gemaak met die ontwikkeling van maatstawwe waarvolgens institusionele effektiwiteit eerder as doeltreffendheid gemeet kan word. 'n Groot persentasie van die maatstawwe kan ook na finansiële en ander bestuursaspekte herlei word. Terwyl die toerekenbaarheid van instansies in terme van openbare investerings dus wel geredelik aangespreek is, kan soortgelyke vordering ten opsigte van doeltreffendheidsmaatstawwe nie gerapporteer word nie. Dit skep op institusionele vlak probleme veral aangesien dit enersyds effektiewe bestuur bemoeilik en dit andersyds befondsingsimplikasies inhou. In hierdie opsig is dit die koppeling van onderrig- en navorsingskwaliteit aan staatsubsidies wat die druk op instansies verhoog.

Insoverre dit doeltreffendheidsmaatstawwe betref, is Sizer (1989:52) van mening dat onderwysinstellings alleen doeltreffend kan wees indien doelwitte bereik word wat toepaslik en relevant is met betrekking tot die ekonomiese, sosio-politieke, tegnologiese, ekologiese en opvoedkundige omgewings waarbinne dit funksioneer. Probleme rondom die ontwikkeling van doeltreffendheidsmaatstawwe wentel volgens Ball en Halwachi (1987:399) veral om die volgende aangeleenthede:

- * Relevansie
- * Verifieerbaarheid
- * Kwantifiseerbaarheid
- * Ekonomiese lewensvatbaarheid (Is dit kostevordelig?)
- * Institusionele aanvaarbaarheid

Dit is verder duidelik dat die meting van onderrigkwaliteite veel meer problematies is as dié van navorsingskwaliteite (Elton, 1987:9), hoewel laasgenoemde nie sonder probleme is nie (Cave et.al., 1988:16). Britse instellings is veral bekommerd oor die koppeling van navorsingsuitsette aan die kwaliteit van onderrigprogramme (Yorke, 1991:238). Tot dusver was maatstawwe gerig op die meting van navorsingskwaliteit uitsetgeoriënteerd. Terwyl dit duidelik saamhang met befondsingsaspekte is

instansies tans besig om op institusionele vlak die instelling van departementele navorsingsprofiel te oorweeg (Goedebuure et.al.1990:169) in 'n poging om andersyds meer doeltreffende doelwitbestuur toe te pas en andersyds die toerekenbaarheid van departementshoofde in terme van hulpbronaanwending te vergemaklik.

Die meting van onderrigkwaliteite is meer problematies, veral aan universiteite waar in die verlede minder aandag as by die polytechnics aan die ontwikkeling van 'n onderrigkultuur geskenk is. Vanweë die problematiek rondom die meting van onderrigkwaliteit is heelwat aandag geskenk aan die ontwikkeling van maatstawwe wat as 'n aanduiding van onderrigkwaliteit gebruik kan word. Een daarvan is programkwaliteit wat uiteraard meer met insette ten opsigte van die opvoedkundige proses te doen het. Dit gee egter geen aanduiding van die kwaliteit van aanbidding nie. Yorke (1991:242) is nietemin van mening dat onderrigkwaliteit verseker kan word deur die kwaliteit van vier hoof institusionele insette ten opsigte van onderrigprogramme, naamlik personeel, opvoedkundige toerusting, akkommodasie en studente-ondersteuningsdienste te beheer. Die kwaliteit van die program hang nie soseer van gemelde komponente op sigself af nie, maar eerder van die interaksie tussen die komponente. Gemelde interaksies kan herlei word

tot drie aspekte van voorsiening, naamlik

- * programontwerp en -inhoud
- * programbestuur
- * die onderrig/leeraktiwiteite wat die student se leerervaring onderlê

Hiermee is dit duidelik dat kwaliteitsversekering ten opsigte van onderrigaktiwiteite oorkoepelend benader moet word. Dit is verder duidelik dat dit nie net 'n geval van kwaliteitsmeting is nie, maar omvattende insette en oorhoofse beplanning verg. Veral waar kwalitatiewe eerder as kwantitatiewe metings ter sprake is, blyk dit noodsaaklik te wees om eers die boustene of komponente waarop kwaliteit berus, te identifiseer en dan prosesse in te stel wat daarop gemik is om gemelde komponente te versterk ten einde die waarskynlikheid te vergroot dat kwaliteitsverbetering sal intree. Dit verg 'n strategiese bestuursbenadering waarin kwaliteitsversekering 'n integrerende deel vorm.

Verskeie kwantitatiewe en kwalitatiewe prestasiemaatstawwe kan ontwikkel word met betrekking tot elk van die komponente van 'n onderrigkwaliteitskultuur, veral ten opsigte van aspekte soos toereikendheid van voorsiening, kwaliteit van voorsiening, ekonomie van aanskaffing en gebruik, effektiwiteit in hulpbron-

gebruike en so meer. Gedurende die afgelope dekade is 'n aantal "indirekte" kwaliteitsmaatstawwe met betrekking tot bogemelde geïdentifiseer, wat gebaseer is op die beskikbaarheid van dienste en fasiliteite, bewustheid van geleenthede ter beskikking van die student, toeganklikheid van fasiliteite en dienste, die omvattendheid van dienste, die toepaslikheid van dienste en fasiliteite, die effektiwiteit van hulpbronaanwending, uitsetdoel-treffendheid en aanvaarbaarheid van die produk deur kliënte (Sizer, 1990:174). Dit is ook duidelik dat, ten spyte van die staat se aandrang op publiseerbare statistiese data, daar 'n balans tussen kwantitatiewe en kwalitatiewe maatstawwe gehandhaaf moet word. Net so moet direkte kwaliteitsmetings deur indirekte metings aangevul word. Laasgenoemde word as insette by interne selfevalueringsaksies, eksterne eweknie-evaluerings en onderrigkwaliteitsbeoordelings besonder belangrik geag (Dochey et.al. 1990:16). Prestasiemetings se grootste waarde lê gevolglik in die inligtingsbydraes wat dit ten opsigte van kwaliteitsbeoordelings lewer.

2.6.3 Institusionele gebruike van prestasiemaatstawwe

Jesson & Mayston (1990:78) identifiseer drie voorwaardes vir die gebruik van prestasiemaatstawwe, naamlik:

- * Die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk waarbinne sowel prestasiemaatstawwe aangewend kan word as doelstellings ontwikkel kan word.
- * 'n Keuringsproses om te bepaal watter prestasiemetings gebruik word en hoe gemelde maatstawwe in die bestuurs- en besluitnemingsproses aangewend sal word.
- * Spesifikasies van hoe gemelde maatstawwe in die bestuurs- en besluitnemingsproses aangewend word.

Yorke (1991:240) is egter van mening dat die doel waarvoor prestasiemaatstawwe aangewend word as vertrekpunt behoort te dien by die daarstelling van 'n konseptuele raamwerk. Volgens hom behoort daar derhalwe 'n duidelike onderskeid getref te word tussen die doelstellings wat ten opsigte van die hele hoër onderwys-sektor geld en dié wat slegs tot institusionele bestuur relevant is. Van owerheidsweë gesien, is die gebruik van prestasiemaatstawwe primêr gerig op die bepaling van die mate van sukses waarmee nasionale investerings gedoen word. Die CVCP/UGG is ook primêr geïnteresseerd in die meting van ekstra-institusionele toerekenbaarheid (Yorke, 1991:241). Op institusionele vlak varieer die doelstellings tussen instansies uiteraard sodat die verskeidenheid en prioriteite van pres-

tasiemaatstawwe uiteenlopend mag wees. Daar blyk egter 'n redelike mate van konsensus te bestaan oor sekere basiese uitgangspunte wat vervolgens toegelig word.

Op institusionele vlak word prestasiemetings in die eerste instansie beskou as inligtingsbronne wat tot beter besluitneming kan lei. Sodanige besluite kan van 'n langtermyn strategiese aard of van 'n korttermyn taktiese aard wees. Dit kan ook op die institusionele, fakulteits- of departementele vlak aangewend word. Prestasiemaatstawwe kan tweedens as 'n bestuursinstrument dien. By die implementering en monitering van strategiese bestuur kan dit as meetinstrument ten opsigte van die mate waarin doelwitte bereik is, aangewend word. Waar die onus vir die implementering van strategiese planne by afdelingshoofde gesetel is, kan effektiwiteit en toerekenbaarheid daardeur bepaal word. Die aksent moet egter geplaas word op wat bereik is eerder as op wat gespandeer is, met ander woorde, hoe effektief hulpbronne ter bereiking van doelwitte aangewend is. In dié verband waarsku die UGC (1987): "Some institutions appear to confuse resource allocation with budget delegation, and view accountability in the narrow financial control sense of comparing actual with budget expenditure". Ook Sizer (1990:166) meld: "Universities are slowly

recognising that accountability is concerned with what has been achieved and not what has been spent, and that quantitative and qualitative performance indicators can be used both in defining what it is planned to achieve and in measuring achievement".

Met die oog op effektiewe bestuur word die volgende terreine vir spesifieke aandag uitgesonder (Goedebuure et.al. 1990:167):

- * Vermindering in die aantal en frekwensie van komiteevergaderings.
- * Begrotingsdelegasie tesame met die aanvaarding van toerekenbaarheid op alle bestuursvlakke by die aanwending van fondse.
- * Veranderinge in uitvoerende verantwoordelikhed. In dié verband word veral afdelingshoofde vir effektiewe hulpbronbestuur verantwoordelik gehou.
- * Die daarstelling van hulpbronbeplanningskomitees met die doel om korporatiewe strategieë daar te stel, akademiese en finansiële beplanning te hanteer en hulpbrontoedeling te doen.
- * Personeelevaluering en -ontwikkeling.

Laasgenoemde is besonder belangrik gesien die toerekenbaarheid van afdelingshoofde. In dié verband

impliseer toerekenbaarheid ook die instel van aansporingsmaatreëls op sowel institusionele as departementele vlakke. In die lig van die UFC se beleid om prestasie by fondstoekenning in ag te neem, bevraagteken Sizer (1988:73) "...whether sufficient consideration has been given to the changing role of heads of departments and to their incentive, reward and career structure as well as to management development programmes".

Die rol van afdelingshoofde in die gebruik van prestasiemaatstawwe verdien verdere toeligting. Volgens Sizer (1990:166) beskou afdelingshoofde prestasiemaatstawwe in 'n negatiewe lig vanweë 'n konflik tussen die gebruik van prestasiemaatstawwe deur topbestuurslede op institusionele vlak by die evaluering van afdelings se onderrig en navorsings-aktiwiteite aan die een kant, en die gebruik daarvan deur afdelingshoofde in die interne bestuur van hulle afdelings aan die ander kant. Tans word die aksent op toerekenbaarheid eerder as 'n bestuurshulpmiddel vir afdelingshoofde geplaas. In dié verband meld Sizer (1990:67): "Performance indicators are best interpreted and employed by the managers who can influence their outcomes".

Hoewel daar ongetwyfeld meriete in die gebruik van prestasiemaatstawwe is, waarsku Elton (1988:381) teen

die moontlikheid van onvoorsiene en onbeplande (negatiewe) invloede wat daaruit mag voortvloei. Hy meld dat Britse opvoedkundige instellings dit begin ervaar het dat doeltreffendheid en koste-effektiwiteit soms as gevolg van 'n verskuiwing in die magsbasse binne institusionele verband ingeboet word, iets wat deur 'n prioriteitsverandering rakende doelwitte meegebring is. Die netto-effek is 'n verskuiwing van interne mag vanaf die akademiese na die administratiewe sektore. Hy meld verder dat pogings om universiteite meer relevant tot gemeenskapsbehoefte te maak deur die tegnologiese eerder as die geesteswetenskappe te bevorder die teenoorgestelde effek gehad het. Volgens 'n persoonlike mededeling van Dr D Billings, Viserektor van die Polytechnic of Central London (PCL), lei prestasie-metings ten opsigte van personeelkwaliteit ook soms tot probleme met vakbonde.

2.6.4 Befondsing en kwaliteitsmaatstawwe

Een van die mees betekenisvolle ontwikkelings op die gebied van die finansiering van hoër onderwysinstellings die afgelope dekade is die invoering van die stelsel van kompeterende tenders. Dit spruit voort uit die Britse regering se verbintenis tot die ontwikkeling van vryemarkondernemings. In die proses word gepoog om die markmeganisme in die befondsing-

struktuur van onderwysinstellings in te bou. "The whole emphasis is changing from the state providing an educational service to the state purchasing these student places in those subjects and at the level which it thinks it wants from independent providers who compete for business" (Mc Vicar, 1990:43).

Die eerste stappe in dié verband is in 1989 deur die openbare sektor-instellings gedoen toe die PCFC aangekondig het dat hulle vanaf die 1990/1 finansiële jaar 'n kompeterende tenderstelsel in die befondsing van instellings gaan gebruik. Soortgelyke stappe word tans deur universiteite oorweeg (Mc Vicar, 1990:43). Ingevolge dié stelsel kry 'n instansie 'n gewaarborgde 95 persent van die vorige jaar se inkomste gebaseer op studentegetalle plus 'n inflasietoeslag van vyf persent (die 1990 inflasiekoers in Brittanje was agt persent). Dit verteenwoordig die sogenoemde basisvlak van openbare befondsing. Instansies moet dan tender indien hulle meer studente wil toelaat. Die aanbiedings word gestruktureer in nege verskillende vakgroepe of programterreine. Belangrik hier is dat die toekening van "kwotas" op grond van tenders gekoppel word aan kwaliteit van onderwyskundige dienste gelewer. Hoe hoër die kwaliteit, hoe groter die bedrag per student wat toegeken kan word. Die idee is dus om kwaliteit te vergoed deur toekennings op 'n

gedifferensieerde basis te hanteer. Hoër tenders is dus net aanvaarbaar in gevalle waar hoër kwaliteit bewys kan word. Terselfdertyd word daar van alle instansies verwag om minimum-kwaliteite te waarborg (Findlay, 1990:127). In die geval van openbare sektor-instellings word kwaliteits-insette gebaseer op sowel gepubliseerde kwantitatiewe prestasiemaatstawwe as kwalitatiewe insette rakende relatiewe kwaliteit deur die Inspektoraat. In die geval van universiteite word beoog om kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe maatstawwe te gebruik, maar slegs ten opsigte van navorsingskwaliteit (Elton, 1987:9). Onderrigkwaliteit dien vanweë metingsprobleme nie as insette nie. Sowel universiteite as openbare sektor-instellings oorweeg tans die instelling van minimum en maksimum perke vir tenderdoeleindes, veral om te verhoed dat buitensporig lae tenders ingedien word deur instansies wat die voordele van 'n skaalekonomie wil benut. Sizer (1990:159) is van mening dat tenderpryse veral na die laer grenswaardes sal neig.

Hoewel die gebruik van tenders 'n baie resente verskynsel is en dit moeilik is om die langtermyn-implikasies daarvan te bepaal, wil dit voorkom asof die gevolge vir institusionele bestuur verreikend kan wees. Elton (1987:9) is van mening dat die UGC se besluit om nie onderrigkwaliteit by universiteite vir subsidiedoeleindes in ag te neem nie, tot 'n

verlaging in onderrigstandaarde kan lei. Ook aan die kant van openbare sektorinstellings is daar bedenkinge, veral gesien die feit dat die CNAA teen 1993 van sy funksies sal afstaan of selfs mag ontbind. In so 'n geval sal die Inspektoraat die enigste effektiewe kwaliteitsversekeringsorganisasie verteenwoordig. Aangesien die Inspektoraat nie oor die uitgebreide funksies van die CNAA beskik nie, sal dit moontlik nie so maklik wees om kwaliteitsdalings te bespeur nie. Die verantwoordelikheid berus dus toenemend by die onderwysinstelling self om kwaliteitsversekering toe te pas en die aanspreeklikheid daarvoor te aanvaar.

Terwyl die nuwe befondsingsstelsel geïmplementeer word, is die staat besig om druk op instellings uit te oefen om hulle inkomstebasis te verbreed en om meer inkomste kommersieël te genereer (Mc Vicar, 1990:45). Dit het teoreties die voordeel dat onderwysinstansies meer teen dalende subsidies en politieke druk vanuit owerheidsweë verskans word. Die privatisering van onderwysinstellings geskied egter nie sonder probleme nie en verg bestuursaanpassings.

2.7 Slotopmerking

Dit is duidelik dat kwaliteitsversekering aan hoër onderwysinstellings in die Verenigde Koninkryk die afgelope dekade sterk na vore getree het as 'n beleidselement op sowel die makro- as institusionele vlakke. In die proses is daar vanuit owerheidsweë ingegryp in die outonome handelinge van instellings, wat enersyds tot die daarstelling van oorkoepelende kontrolemeganismes en strukture aanleiding gegee het, en andersyds instellings genoop het om deur defensiewe optredes interne kwaliteitsbeheerstelsels te skep. Onderwyskundige kwaliteit vorm toenemend die grondslag waarop finansiering van sodanige instellings gebaseer word, terwyl die ontwikkeling van toepaslike meetinstrumente 'n prominente aktiwiteit verteenwoordig. Hoewel institusionele optredes aanvanklik sterk deur eksterne drukfaktore beïnvloed is, is daar vandag 'n ewe sterk interne aksie rondom institusionele selfevaluering te bespeur en is dit duidelik dat kwaliteitsversekering toenemend prominent raak. Wat opval, is die relatief sterk beklemtoning van prestasie-maatstawwe met die evaluering van kwaliteit.

HOOFSTUK 3

KWALITEITSVERSEKERING AAN NEDERLANDSE INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS

3.1 INLEIDING

Struktureel bestaan die Nederlandse hoër onderwysstelsel uit twee komponente, naamlik universiteite en die instellings vir hoër beroepsonderwys (HBO). Terwyl universiteitsopleiding primêr akademies en wetenskaplik van aard is, plaas die HBO-instellings die fokus op toegepaste kennis en die ontwikkeling van beroepsvaardighede (Kouenaar en Stannard 1989:211).

Tradisioneel het bogemelde twee onderwyskomponente grotendeels onafhanklik van mekaar gefunksioneer, hoewel die "Wet op Hoger Onderwijs en Wetenschappelijk Onderzoek (WHW) van 1989 die gaping tussen die twee komponente grootliks vernou. Beide komponente ressorteer onder die Departement van Onderwys en Wetenskap waar hulle deur onderskeidelik die Vereniging vir Samewerkende Nederlandse Universiteite (VSNU) en die HBO-Raad verteenwoordig word. In teenstelling met die situasie in die Verenigde Koninkryk is gemelde liggame uit lede van die onderskeie instellings saamgestel.

Hoër onderwysinstellings se uitgawes word ongeveer 90 persent deur die Staat befonds. Die res van die fondse word deur navorsings- en onderrigkontrakte bekom. Die befondsing van universiteite geskied sedert 1983 deur die sogenoemde PGM-

model. 'n Soortgelyke model vir die HBO-instellings is in 1986 in die lewe geroep (Goedebuure et.al. 1990:23).

Kwaliteitsversekering aan Nederlandse instellings is aan die uitsetkant in die verlede hoofsaaklik gereguleer deur sowel die akademiese statute van universiteite as ooreenstemmende regulasies vir HBO-instellings. Aan die insetkant het universiteite tot onlangs ook nie die reg tot keuring gehad nie en moes hulle almal wat oor die vereiste skoolleindsertifikate beskik, toelaat. Die HBO-instellings het egter groter keuringsvryhede geniet, veral vanweë die beroepsgerigte aard van hulle opleiding (Kouwenaar en Stannard, 1989:9). Beide kategorieë instellings beskik oor die reg om grade toe te ken.

3.2 BELEID EN STATUTÊRE RAAMWERKE VIR KWALITEITSVERSEKERING

Sedert 1980 het die onderwysbeleid in Nederland grondliggende veranderinge ondergaan. Basies het twee tipes beleidsveranderinge plaasgevind. Die tagtigerjare is ingelui deur 'n beleid van korrektiewe inisiatiewe wat hoofsaaklik op groter effektiwiteit in die sisteem gemik was. Dit het onder andere tot omvattende personeelverminderinge gelei. Gedurende die tweede helfte van die tagtigerjare het die aksent egter verskuif na die sogenoemde beleid van voorsieningsopsies (Goedebuure et.al., 1990:24) waartydens kwaliteitsversekering sterker na vore gekom het.

Gedurende 1981 het die Nederlandse parlement 'n reeks besluite geneem wat tot 'n drastiese herstrukturering van die onderwys gelei het. Wat universiteite betref, was die beleid daarop gemik om effektiwiteit te verhoog, die duur van programme te verkort, die programverskeidenheid te vergroot, beplanning en monitoraksies te stimuleer en universitêre en HBO opleiding nader aan mekaar te bring. Gemelde struktuuraanpassings is onmiddellik gevolg deur 'n omvattende program van personeelvermindering bekend as TVC, ten einde die koste verbonde aan veral universiteitsopleiding te verminder. Dit is in 1986 gevolg deur 'n tweede omvangryke personeelverminderingprogram bekend as "Selektiewe kontraktie en Groei" (SKG). Waar die 1981-personeelbesnoeiings hoofsaaklik om effektiwiteitsoorwegings plaasgevind het, is die SKG-program gekenmerk deur selektiewe besnoeiings waarby 'n kwaliteits-element ingesluit is (Goedebuure et.al.,1990:25). Kwaliteits-aspekte het in 1983 ten opsigte van universiteitsnavorsing ook reeds na vore gekom as 'n beleidselement met die instelling van die stelsel van voorwaardelike befondsing. Gemelde stelsel was gemik op verhoogde toerekenbaarheid, kwaliteitsverhoging en verbetering van navorsingskwaliteit. Navorsingskwaliteit is spesifiek gekoppel aan gemeenskapsrelevansie sowel as wetenskaplike kwaliteit. Verder is navorsingsprogramme aan evaluering deur eksterne organisasies onderhewig gestel alvorens dit vir subsidies kan kwalifiseer. Hoewel die stelsel (Spaapen, 1988:16) nie 'n groot invloed op die verdeling van fondse gehad het nie en tans onder hersiening is, is die toedeling van fondse daardeur direk aan navorsingskwaliteit gekoppel.

In 1985 betree hoër onderwys in Nederland 'n nuwe era met die publikasie van die "Wet op Hoger Onderwijs : Autonomie en Kwaliteit" (HOAK). Waar die regering tot op daardie stadium hoër onderwys deur middel van omvattende regulasies en kontrolemeganismes bestuur het, verskuif die aksent nou na die versterking van institusionele outonomie en die stimulering van kwaliteit (Vroeijenstijn, 1990:22). In stede daarvan dat instellings hulle by voorafbepaalde regulasies moes hou, het die fokus 'dus nou na uitsetkontroles verskuif. Die onus vir kwaliteitsversekering word nou vierkantig op die instelling self geplaas, en dit is sy verantwoordelikheid om self kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe instrumente vir kwaliteitsmeting te verskaf. Indien instellings nie aan die vasgestelde kwaliteitsvereistes voldoen nie, kan die staat steeds deur middel van die Inspektoraat vir Hoër Onderwys ingryp.

Met die publikasie van die "Wet op Hoger Onderwijs en Onderzoekplan" (HOOP) in 1988 is daar ook verder rigting gegee aan institusionele beplanning. Ingevolge dié stelsel geskied beplanning volgens 'n tweejaarlikse siklus. In die eerste siklusjaar publiseer die staat sy plan vir onderrig en navorsing. Onderwysinstansies reageer dan in die daaropvolgende jaar daarop deur hulle eie onderrig en navorsingsplanne te publiseer. Sodoende word 'n stelsel van dialoog tussen die staat en die onderwysinstellings geskep.

Met die aanvaarding van die wet oor "Hoger Onderwijs en Wetenskaplik Onderzoek" (1989) het die staat beslag gegee aan die desentralisasie van magte aan onderwysinstellings, waardeur die outonomie van instellings ten opsigte van die handhawing van kwaliteit en die aanspreeklikheid daarvoor ook verder geformuleer is. Die wet bring ook groter bestuurs-uniformiteit tussen die universiteite en HBO-instellings.

Ten spyte van alle bogenoemde wetgewing is Westerheijden (1990 :183) van mening dat die staat se doelstellings met hoër onderwys dikwels vaag is. Die volgende doelstellings kan nietemin onderskei word:

- * Massa-opleiding. Tot ongeveer die tagtigerjare was dit 'n eksplisiete doel van die staat om hoër onderwys vir almal wat oor die vereiste skoleindsertifikate beskik het toeganklik te maak. Gevolglik is keuring, as insetkontrole van kwaliteit, veral by universiteite, nie toegepas nie. Volgens Vroeijenstijn (1990:21) suggereer dit ook 'n gelykheidsdoelstelling, veral ten opsigte van toelatingsgeleenthede.

- * Opvoeding. Die tradisionele doelstellings van hoër onderwys blyk nie meer 'n hoë prioriteit te wees nie en "...are hardly ever heard about in the Netherlands, neither in the higher education institutions, nor in the Government" (Westerheijden, 1990:187).

- * Relevansie tot gemeenskapsbehoefte. Volgens Kouwenaar en Stannard (1989:15) verteenwoordig dit een van die opvallendste verskuiwings ten opsigte van die prioriteite van staatsdoelstellings die afgelope dekade.

- * Effektiwiteit en kwaliteit. Uit 'n makro-ekonomiese perspektief is sowel die koste- en bestuurseffektiwiteit van hoër onderwysinstellings as toepaslike uitsetkwaliteite (doeltreffendheid) vir die staat belangrik (Westerheijden, 1990:186). Laasgenoemde het veral betrekking op die afgestudeerde se vermoë om op onafhanklike wyse 'n beroep suksesvol te beoefen. Groter effektiwiteit het terselfdertyd betrekking op die proses van opleiding, veral insoverre dit uitvalsifers en duur van studie betref. In beide gevalle raak dit die koste-effektiwiteit van opleiding.

- * Aanspreeklikheid. Opvoedkundige instansies is onder druk om aanspreeklikheid te aanvaar ten opsigte van die effektiewe aanwending van staatsfondse, die versekering van opleidingskwaliteit en die sosiaal-maatskaplike relevansie van onderwysprogramme. Laasgenoemde hou ook verband met die doelstellings en verwagtinge van studente (loopbaanvoorbereiding; individuele ontwikkeling) en werkgewers (toepaslik opgeleide graduandi).

3.3 STAATS- EN INSTITUSIONELE INTERPRETASIES VAN KWALITEITS- VERSEKERING

Hoewel die staat kwaliteitshandhawing as 'n gedelegeerde funksie beskou en die aanspreeklikheid van universiteite in die verband aanvaar, wil dit voorkom asof daar tog verskillende interpretasies van die funksie kan wees. Volgens Vroeijenstijn en Acherman (1990:81) gaan dit basies om die vraag of ' kwaliteitsevaluering kontrolegeoriënteerd of verbeteringgeoriënteerd is. Anders gestel: is die doel van kwaliteitsevaluering beter kontrole en meting met die oog op beplanning en toedeling van fondse, of is dit gemik op die verbetering van kwaliteit? Dit spreek vanself dat 'n kontrolegeoriënteerde benadering die outonomie van instellings aantast. Volgens Vroeijenstijn (1990:24) gebruik die staat deurgaans die begrippe kwaliteitsbeheer en kwaliteitsmeting wat 'n kontrolestelsel suggereer. Dit verbaas dan ook nie dat die staat die gebruik van kwantitatiewe meetinstrumente soos prestasiemaatstawwe voorstaan nie. Die gebruik van laasgenoemde word egter konsekwent deur universiteite verwerp ten gunste van eweknie-evaluering. Laasgenoemde word deur universiteite as die antwoord op programverbeterings beskou. In die verband meld Vroeijenstijn en Acherman (1990:83) dat "...the government is not so much interested in programme improvement as in demonstrating to the public at large and to parliament in particular that it is in control and makes justifiable decisions regarding allocation of money, termination of programmes etc."

Dit is perspektiewe van bogemelde aard wat akademici die outonomie van universiteite dermate laat bevraagteken dat Goedebuure et.al. (1990:28) die begrip outonomie met begrippe soos afstandbeheer en "Government at arms length" vervang. Laasgenoemde kry meer betekenis as die staat se kontrole-instrumente in oënskou geneem word.

3.4 STAATSINSTRUMENTE VIR KWALITEITSKONTROLE

HBO-instellings is reeds sedert die begin van die eeu onderhewig aan inspeksies deur 'n staatsinspektoraat. In 1986 met die totstandkoming van 'n enkele verenigde Inspektoraat vir Hoër Onderwys is ook die universiteite by die aksie betrek. Terwyl universiteite in die eerste plek vir die daarstelling van 'n kwaliteitsversekeringstelsel aanspreeklik gehou word, is dit die taak van die Inspektoraat om oor die stelsel toesig te hou en die Minister oor die geldigheid van die proses van kwaliteitsversekering wat wel gevolg word, te adviseer. Dit is derhalwe die taak van die Inspektoraat om 'n evaluering te doen van die eksterne kwaliteitsversekeringstelsels. Dit staan bekend as meta-evaluering. Indien kwaliteitsversekeringstelsels aan universiteite nie aan die verwagtinge voldoen nie, het die Inspektoraat die reg om 'n ondersoek te gelas.

Volgens die wet op "Hoger Onderwijs en Wetenskaplijke Onderzoek (WHW) van 1989, is die funksies van die Inspektoraat soos volg:

- * Om inspeksies in die hoër onderwys uit te voer.
- * Om die toepassing van wette en regulasies te monitor.
- * Om met ontwikkelings in hoër onderwys op hoogte van sake te bly.
- * Om innovasie in die hoër onderwys, veral ten opsigte van kwaliteitsevaluering, te stimuleer.
- * Om aan die Minister van Onderwys en Wetenskap verslag te doen.

Uit bogemelde funksies is dit duidelik dat die Inspektoraat meer as net 'n wag hond oor kwaliteitsaangeleenthede is, en ook by magte is om aan sodanige aksies rigting en vorm te gee. Ten einde sy eie taakstelling beter te omlin, het die Inspektoraat die volgende raamwerk vir kwaliteitsevaluering voorgestel:

a) Taakelemente wat aan evaluering onderhewig is:

- * Kurrikula en onderrig. Hier gaan dit om die definisie van programdoelwitte, die relevansie daarvan vir die instelling en die arbeidsmark, die geldigheid daarvan ten opsigte van institusionele doelstellings, sowel as leerplaninhoud en die onderrigproses. Wat laasgenoemde betref, word op uitsette, sowel kwantitatief as kwalitatief, asook die omgewing waarbinne onderrig geskied (personeel, begrotings, fasiliteite ens.), gefokus.
- * Omgewingsfaktore. In dié opsig word spesifiek verwys na die instansie se regionale skakeling.

- * Navorsing. Hoewel die proses van meta-evaluering op onderrig konsentreer, word 'n evalueringstelsel vir navorsing ontwikkel.

Met betrekking tot die wyse waarop evaluering moet geskied, is die volgende riglyne opgestel:

- * Evalueerders moet onafhanklike outoriteite wees.
- * Inligtingsbronne moet relevant en betroubaar wees.
- * Prosedures en instrumente moet geldig wees.
- * Evaluering moet periodiek geskied en aan vorige verslae koppel.
- * Gevolgtrekkings moet verwys na die metodes gebruik, doelstellings van die instelling, sy missie, die vereistes van die arbeidsmark, sowel as die vlak en kwaliteit van programme vergeleke met ander soortgelyke programme wat elders aangebied word.
- * Aanbevelings moet uit die gevolgtrekkings voortspuit en prakties implementeerbaar wees (Bresters en Kalkwyk, 1990:63).

Die Minister is by magte om benewens die Inspektoraat ook Ministeriële Ondersoekkomitees saam te stel.

Die komitees is in wese taakspanne wat saamgestel word om spesifieke probleemareas wat in die evalueringsproses uitgewys word verder te ondersoek, indien die Minister daarom sou vra.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die Minister van Onderwys en Wetenskap deur middel van die Inspektoraat en die

Ondersoekkomitees wel by magte is om 'n kontrolerende funksie uit te oefen. Hoewel universiteite dus teoreties outonoom is en vir kwaliteitsversekering aanspreeklik gehou word, is die outonomie nie absoluut nie.

3.5 KWALITEITSVERSEKERING AAN UNIVERSITEITE

Nederlandse universiteite het 'n lang geskiedenis van kwaliteitsevaluering. Gemelde evaluering was egter tot omstreeks 1980 bykans uitsluitlik intern van aard en op 'n ad hoc-basis hanteer. Gedurende die afgelope dekade is daar gepoog om interne kwaliteitsversekeringsprogramme op 'n deurlopende sistematiese grondslag as deel van die operasionele bestuur van instellings in te stel (Vroeijenstijn, 1990:25). In die praktyk word interne evaluering op fakulteitsvlak gehanteer.

3.5.1 Die rol van die VSNU

Die opbou van belangstelling in kwaliteitsversekering sowel as die instelling van eksterne kwaliteitsversekeringstelsels word veral aan staatsoptredes (Weusthof, 1989:148) gekoppel, hoewel Vroeijenstijn (1990:25) van mening is dat die inisiatief vir eksterne evaluering voor die deur van die VSNU gelê kan word. Daar bestaan egter min twyfel dat die staatsbeleid van groter outonomie aan universiteite en die feit dat universiteite vir kwaliteits-

versekering aanspreeklik gehou word wel sodanige aksies deur die VSNU gestimuleer het. Ongeag die oorsprong van die beweging is dit belangrik om daarop te let dat die VSNU 'n sentrale rol in kwaliteitsversekering speel.

Die VSNU se betrokkenheid vloei voort uit onderlinge ooreenkomste wat sedert 1985 tussen die staat en universiteite tot stand gekom het. Ingevolge die ooreenkomste verkry universiteite groter outonomie, maar aanvaar terselfdertyd ook aanspreeklikheid vir kwaliteitsversekering. Hoewel die debatte oor aanspreeklikheid nog voortgaan, is daar eenstemmigheid bereik oor sowel die universiteite se seggenskap oor die programme wat aangebied word as die fakulteite se rol in kwaliteitsorg, soos die universiteite verkies om kwaliteitsversekering te interpreteer.

Insoverre dit kwaliteitsorg betref, tree die VSNU as koördineerder en fasiliteerder op. Die VSNU het gevolglik die leiding geneem met die opstel van 'n protokol vir die ontwikkeling van 'n kwaliteitsorg-sisteem. Die doel wat die VSNU vir hom in dié verband gestel het, kan soos volg saamgevat word:

- * Die lewering van 'n bydrae tot kwaliteitsverbetering.
- * Toerekenbaarheid aan die gemeenskap ten opsigte van die kwaliteit van onderrig en navorsing.

- * Die bevordering van kwaliteitsbestuur op die vlak van die fakulteit, universiteit en universiteitswese (Vroeijenstijn en Acherman, 1990:87).

Die stelsel van kwaliteitsversekering soos deur die VSNU ontwikkel, bevat die volgende eienskappe:

- * Dit staan op twee pilare, naamlik selfevaluering en 'n besoek deur eksterne kundiges in die vorm van 'n evalueringskomitee. Lede van die komitee word deur die VSNU aangewys.
- * Dit is dissiplinegeoriënteerd.
- * Tydens die eerste siklus van evaluering val die aksent op opvoedkundige programme. In die volgende siklus word navorsing en gemeenskapsdiens in oënskou geneem.
- * Dit is nasionaal in die sin dat dieselfde lede van 'n evalueringskomitee alle instansies besoek.
- * Dit is siklies met vyfjaarintervalle.
- * Dit dek alle universiteitsprogramme.
- * Die resultate van die ondersoek word openbaar bekend gemaak.

Dit is baie duidelik dat selfevaluering 'n kernposisie in die hele proses van kwaliteitsevaluering beklee. Selfevaluering word beskou as 'n instrument met 'n drieledige doel, naamlik die stimulering van interne kwaliteitsorg, die voorbereiding van die

instelling vir die besoek van die evalueringskomitee en die vasstelling van 'n feitelike basis vir gebruik deur die evalueringskomitee. Die VSNU (1988: 151) beskou die stimulering van interne kwaliteitsorg as die belangrikste doelwit met selfevaluering. Dokumentasie vir selfevaluering word binne fakulteitsverband opgestel, normaalweg deur fakulteitskomitees bestaande uit drie tot vyf persone. Vroeijenstijn (1990:30) meld dat dit op hierdie vroeë stadium al duidelik is dat die selfevalueringproses reeds tot verbeterde kwaliteitsbestuur bygedra het. Klaarblyklik beskou sowel die VSNU as individuele universiteite die hele proses van selfevaluering as besonder belangrik, veral ten opsigte van die handhawing van institusionele outonomie. Swak werk sou bloot aan die staat die geleentheid bied om deur middel van die Inspektoraat vir Hoër Onderwys in die kwaliteitsversekeringsproses in te gryp.

Die Evalueringskomitee word deur die VSNU uit erkende outoriteite saamgestel. In hierdie opsig steun die Nederlandse universiteite swaar op eweknie-evaluering, veral gesien die kwalitatiewe aard van die evaluering. Evalueringskomitees bestaan tipies uit sewe lede waarvan ten minste een 'n buitelander moet wees. Die ander lede word deur dekane voorgestel.

Evalueringsskomitees het 'n tweeledige taak, naamlik die verbetering van kwaliteit en toerekenbaarheid aan die publiek ten opsigte van die kwaliteit van sowel navorsing as onderrig. Kwaliteitsverbetering is nou verbonde aan sowel die terugvoering wat die komitee aan dosente verskaf as die dialoog wat daarna tussen eweknieë plaasvind. Ten opsigte van publieke aanspreeklikheid fokus die komitee veral op die proses van kwaliteitsbestuur binne 'n fakulteit. In sy verslag wat openbaar gemaak word, spreek die evalueringsskomitee hom ook oor so 'n proses uit.

3.5.2 Kwaliteitsversekering van onderrig:

Vir die doel van kwaliteitsevaluering het Nederlandse universiteite drie geskakelde en komplementêre instrumente ontwikkel, naamlik 'n evalueringsskomitee, 'n programontwikkelingsskomitee en 'n loodsskomitee.

Die evalueringsskomitee is die belangrikste skakel in die kwaliteitsorgstelsel. So 'n evalueringsskomitee bestaan uit erkende eksterne outoriteite wat instansies op 'n gestruktureerde sikliese patroon besoek en landswyd na onderrigprogramme kyk. Soos in die voorafgaande afdeling beskryf, spreek die komitee aan die einde van 'n besoek 'n opinie oor onderrigkwaliteit uit. Op die terrein van die onderrig word

daar sowel na programinhoud, doelstellings en doelwitte, as na die resenteheid en relevansie van kursusmateriaal, akademiese standaarde en die onderrigproses gekyk. Laasgenoemde word as besonder belangrik beskou, gesien dat die onderrigproses wesenlik 'n kennisoordragproses behels (Van Berkel, 1990:123). Verder word daar gekyk na die organisasie en struktuur van onderrigprogramme, realisme in terme van die volume leerstof en die wyse waarop programkwaliteit bestuur word. Ten slotte word gekyk na uitsetkwaliteit, veral die mate waarin gegraduateerdes aan markvereistes voldoen.

Tot 1988 is alle goedgekeurde universiteitsprogramme gepubliseer in die sogenoemde Akademiese Statute wat terselfdertyd 'n lys programvereistes bevat het en veronderstel was om 'n kwaliteitswaarborg te wees (Vroeijenstijn en Acherman, 1990:86). Binne die nuwe staatsfilosofie is die Akademiese Statute afgeskaf sodat hierdie betrokke "kwaliteitskontrole" verdwyn het. Vanweë die retrospektiewe aard van die werksaamhede van evalueringskomitees kan hulle nie verseker dat nuwe programme van 'n aanvaarbare kwaliteit is nie. 'n Programontwikkelingskomitee is gevolglik in die lewe geroep met die doel om voorgestelde programme te evalueer, programdoelstellings te formuleer en te bepaal of 'n standaard van 'n bepaalde vlak gehandhaaf kan word (Bleumink,

1990:67). Die besondere funksie word in die lig van toekomstige kompetisie binne die Europese gemeenskap na 1992 veral belangrik geag (Vroeijenstijn en Acherman, 1990:87).

Teen die agtergrond van ervarings met die staat se ondersoekkomitees oor navorsing het die VSNU 'n aantal loodskomitees in die lewe geroep ten einde programvernuwingsmoontlikhede te ondersoek. Die VSNU (1988) het reeds 'n protokol vir die doel uitgewerk.

3.5.3 Kwaliteitsversekering van navorsing

In teenstelling met HBO-instellings waar daar weens die toegepaste aard van kontraknavorsing waarby gemelde instellings grotendeels betrokke is, geen formele kwaliteitsversekeringstels bestaan nie en waar kwaliteit inderdaad aan die marktoepassings en aanwendbaarheid van navorsingsresultate gemeet word, verskil die situasie vir universiteite wesenlik. Gemelde verskille setel basies in die akademies-wetenskaplike aard van navorsing.

Insoverre dit interne kwaliteitsmeting van navorsingsaktiwiteite betref, bestaan daar tot die hede geen amptelike staatsregulasies nie, hoewel die instelling van navorsingskomitees op fakulteitsbasis tog voorgeskryf word. In die verlede het fakulteite

dan ook hulle eiesoortige maniere ontwikkel waarvolgens navorsingskwaliteit gemeet kan word, hoofsaaklik met die oog op die verdeling van navorsingsfondse. Volgens Spaapen (1988:54) het daar sedert die tagtigerjare 'n uitbouing van prosedures vir die interne meting van navorsingskwaliteit plaasgevind. Gemelde prosedures is hoofsaaklik gebaseer op eweknie-evalueringe waarin prestasiemaatstawwe, veral publikasies, prominent figureer.

Wat eksterne kwaliteitsversekering betref, bestaan daar wel 'n voorgeskrewe prosedure in die vorm van voorwaardelike befondsing. Volgens Vroeijenstijn (1990:25) was navorsingsfondse voor 1977 proporsioneel tot die onderrigladings toegedeel. In 1977 het die Minister van Onderwys en Wetenskap ingestem om vir navorsing 'n bedrag binne die globale staatsubsidie te waarborg mits navorsing van 'n aanvaarbare kwaliteit was. Die beoordeling is aan eweknie-evaluering onderworpe. Sedert 1983 is die stelsel van voorwaardelike befondsing ingevoer. Beoordelings volgens die stelsel geskied elke vyf jaar en word deur anonieme eweknieë benoem deur liggame soos die Nederlands Wetenschappelijk Organisasie (NWO), die Nationale Raad vir Landbou Onderzoek (NRLO), die Koninklike Nederlandse Akademie voor Wetenschap (KNAW) en die Koninklike Instituut vir Ingenieurs (KIVI) gehanteer. Beoordeling is gebaseer op sowel inligting rakende

kwantitatiewe en kwalitatiewe arbeidsinsette, publikasies deur 'n projek gegeneer, as die beoordelaars se persepsie van die langtermyn verwagtinge van die projek. In die praktyk kom dit daarop neer dat elke navorsingsvoorstel deur eweknieë beoordeel word alvorens 'n besluit geneem word of 'n projek vir die daaropvolgende vyf jaar finansiëel gesteun moet word. Aan die einde van die vyfjaarperiode word die uitsette weer beoordeel. Indien projekte dan nie aan die verwagtinge voldoen nie, het dit vir die betrokke instansies finansiële implikasies en word dit aan hulle oorgelaat om die saak op gepaste wyse self te hanteer.

Na afloop van die eerste rondte van evaluering kom Spaapen (1988:48) tot die gevolgtrekking dat:

- * besluite om navorsingsprojekte goed te keur in die eerste instansie op informele kwalitatiewe evaluering van navorsers deur hulle eweknieë gebaseer is;
- * universiteite risikonavorsing, waarvan die uitslae nie voorsien kan word nie, vermy het en sogenoemde "veilige" projekte voorgelê het;
- * die dissiplinerigheid van die ondersoek, sowel as die samestelling van keuringspanele, interdisiplinere navorsingsprogramme beperk;

- * die eksterne beoordelaars, afkomstig uit gemelde wetenskaplike organisasies, effektief staatsbetrokkenheid in die evalueringsproses uitgesluit het, waardeur die staat nie sy doelstelling van meer insig in navorsingsaktiwiteite kon bereik nie;
- * eksterne beoordeling hoofsaaklik positief was, deels as gevolg van die vrees dat die onderskeie dissiplines deur negatiewe beoordelings benadeel sou word; en
- * administratiewe kriteria gedurende die implementeringsproses ten koste van akademiese kriteria in belangrikheid toegeneem het, waardeur 'n neiging tot 'n "regverdige" verdeling eerder as kwaliteitsevaluering ontstaan het en die proses minder doeltreffend geraak het.

Die resultaat van laasgenoemde was dat daar van 'n herverdeling van fondse min tereg gekom het. Terselfdertyd suggereer dit ook dat die prosedures nie noodwendig tot kwaliteitsverbetering in navorsing lei nie. Volgens Spaapen (1988:111) verskaf die stelsel van voorwaardelike befondsing slegs 'n waarborg vir minimum kwaliteit en lei dit nie noodwendig tot 'n verbetering in kwaliteit nie. Eweknie-evaluering het in baie opsigte gelei tot "strategiese optredes" deur eweknieë deurdadig hulle as buffer tussen die staat en die navorsers inbeweeg het (Spaapen, 1988:43). Op institusionele vlak het die stelsel van voorwaardelike

befondsing ook daartoe gelei dat die mag van administratiewe personeel relatief tot die akademiese personeel (Spaapen, 1988:109) groter geword het. Terselfdertyd het die staat toenemend druk ten gunste van 'n groter gebruikmaking van prestasiemaatstawwe begin uitoefen. Volgens Westerheijden (1990:184) het die Minister van Onderwys en Wetenskap in 1989 aangekondig dat hy van plan is om 'n deel van die navorsingsfondse van universiteite oor te skuif na die "Nederlandse Organisasie vir Wetenschappelijk Onderzoek" (NWO). Gemelde liggaam is soortgelyk aan die Instituut vir Wetenskapontwikkeling (IWO) en die Sentrum van Navorsingsontwikkeling (SNO) in Suid-Afrika. Eersgenoemde liggaam maak soos IWO en die SNO gebruik van eweknie-evaluering.

Uit die voorafgaande is die staat se strategie duidelik. Enersyds word groter druk op instellings geplaas om navorsingskwaliteit meer doeltreffend te meet en te bevorder of alternatiewelik die gevaar te loop om deel van hulle navorsingsfondse kwyd te raak deurdat die staat sulke fondse deur 'n eksterne liggaam (die NWO) kanaliseer. Indien laasgenoemde weg gevolg word, sou die universiteite effektief hulle navorsingsfondse op die "oop mark" op grond van suiwer wetenskaplike meriete moet verdien.

Die staat se invloede strek egter verder as kontrole en beheer. Binne navorsingsverband het die staat 'n aantal ondersoekkomitees tot stand gebring met die doel om spesifieke probleemareas verder te ondersoek. Sewe van die tien ondersoekkomitees het prestasiemaatstawwe ter aanvulling van eweknie-evaluerings gebruik. Prestasiemaatstawwe het op navorsingsuitsette, veral publikasies, betrekking. Volgens Westerheijden (1990:197) het die staat se ondersoekkomitees oor die algemeen positiewe reaksie onder universiteite uitgelok en bydraes ten opsigte van die volgende aspekte gelewer:

- * Die debatte rondom strategiese bestuursaangeleenthede;
- * Kwaliteitsaangeleenthede op die sakelys van dissiplinegerigte komitees laat verskyn het;
- * Die instelling van interne kwaliteitsversekeringsprogramme: Soos in die Verenigde Koninkryk is interne prosedures vir kwaliteitsbeheer grotendeels ekstern geïnisieër;
en
- * Die groter aanvaarbaarheid van prestasiemaatstawwe as uitset by kwaliteitsevaluering: Hoewel eweknie-evaluering dus steeds die basis van kwaliteitsversekering binne universiteite bly, neem die druk toe om ook prestasiemaatstawwe sinvol as 'n inset by kwaliteitsbeoordeling te gebruik.

3.6 KWALITEITSVERSEKERING AAN HBO-INSTELLINGS

HBO-instellings bestaan reeds sedert die 17de eeu, hoewel die meeste daarvan maar enkele dekades oud is. Sedert 1983 het die Nederlandse regering begin om die meer as 400 HBO-instellings in 87 groter HBO-institute saam te groepeer ten einde koste-effektiwiteit te verhoog (Kouwenaar en Stannard, 1989:26). Die herstrukturering en opgradering van die HBO-sektor is in 1986 met die verskyning van die "Wet op het Hoger Beroepsonderwijs" nog 'n stap verder gevoer. Daardeur het HBO-institute dieselfde status as universiteite gekry. In 1989 met die verskyning van die wet op hoër onderwys (WHW) is die HBO-sektor en die universiteitsektor ook bestuursmatig nader aan mekaar gebring (Goedebuure et.al., 1990:29).

HBO-instellings was tradisioneel nie so outonoom as universiteite nie. Met die verskyning van die HBO-wet van 1986 en die WHW-wet van 1989 het die HBO-instellings dramaties aan outonomie en wetlike status gewen. Soos in die geval van die universiteite is die onus en aanspreeklikheid vir kwaliteitsbeheer nou op hulle geplaas. Om verskeie redes was die druk op die HBO-instellings in sekere opsigte groter as in die geval van universiteite. In die eerste plek moes eersgenoemde instellings hulle nuut verworwe outonome status regverdig en in dié opsig nuwe aanspreeklikhede, waaronder die verantwoordelikheid vir kwaliteitsversekering, aanvaar. Tweedens, hulle

moes bewys lewer van hulle gelykwaardigheid aan universiteite en terselfdertyd aan die publiek as werkgewers toon dat hulle in eie reg relevante hoëvlakopleiding van 'n aanvaarbare kwaliteit in vrye kompetisie met universiteite kan aanbied. Dit spreek dus vanself dat die HBO-instellings heelwat onsekerhede rondom hulle nuwe posisionering binne die hoër onderwysbestel en die eise wat daarmee gepaard gaan, ervaar het. In teenstelling met universiteite waar daar onrustigheid oor die invloede van sekere staatsoptredes op hulle outonome handeling was, het die HBO-instellings hulle groter outonomie positief ervaar.

Een van die uitvloeisels van groter outonomie is die aanspreeklikheid wat HBO-instellings vir kwaliteitsversekering moes aanvaar. In dié verband dien vermeld te word dat kwaliteitsversekering vir die HBO-instellings niks nuuts was nie. Wat wel nuut was, is die gebruik daarvan as 'n bestuursmeganisme (Rullmann, 1990:113). Binne die veranderde operasionele omgewing waarin die HBO-instellings hulle bevind het, het kwaliteitsversekering terselfdertyd as meganisme gedien waardeur instellings kan bewys lewer van hulle vermoëns om hulle outonome status te hanteer. Waar die HBO-instellings tot 1986 aan gereelde staatsinspeksies onderhewig was, is die onus nou op individuele instellings geplaas, hoewel die HBO-raad, net soos die VSNU, 'n koördinerende funksie in dié verband vervul (Kouwenaar en Stannard, 1989:30).

Volgens Rullmann (1990:114) is daar twee hoofdoelstellings wat geld ten opsigte van kwaliteitsversekering binne HBO-geledere:

- * die bepaling van die relatiewe kwaliteit van instellings ten opsigte van mekaar;
- * die posisionering van die HBO-instellings ten opsigte van universiteite in die oë van die publiek.

Die onus was dus op die HBO-instellings om hulle gelykwaardigheid te bewys.

Binne bogemelde raamwerkdoelstellings kan die volgende kwaliteitsbeheerfunksies dan volgens Rullmann (1990:115) onderskei word:

- * kwaliteitsverbetering ten opsigte van:
 - interne kwaliteitsbestuur;
 - stimulering van interne kwaliteitsversekering;
 - skepping van 'n herkenbare kwaliteitsprofiel vir sowel individuele instellings as die sektor in sy geheel;
- * toerekenbaarheid ten opsigte van:
 - die Minister van Onderwys en Wetenskap;
 - die gemeenskap;
 - die posisionering ten opsigte van universiteite

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die benadering tot kwaliteitsversekering anders as by universiteite is en dat sowel die posisionering van die HBO-instellings binne die hoër onderwys-bestel, as die kwaliteitsposisionering van individuele instellings binne HBO-geledere 'n kardinale element verteenwoordig. Dit impliseer ook 'n nasionale perspektief op kwaliteitsaangeleenthede.

3.6.1 Kwaliteitsversekeringstelsels en -prosedures

Binne die raamwerk van die gemelde kwaliteitsbeheerdoelstellings het die HBO-instellings 'n kwaliteitsbeheerplan ontwikkel wat die volgende hoofkenmerke bevat:

- * vrywillige deelname;
- * stimulering van interne kwaliteitsbeheer as vertrekpunt vir kwaliteitsvergelykings tussen instellings;
- * differensiasie van benadering tot kwaliteitsbeheer as gevolg van die groot verskeidenheid (220) onderrigprogramme;
- * sentrale koördinering.

Ten einde 'n gedifferensieerde benadering tot kwaliteitsbeheer te volg, is daar drie instrumente geskep, naamlik:

- * verkenningsondersoeke deur eksterne kundiges ten opsigte van voorgestelde nuwe programme.
- * interne selfevaluering ten opsigte van sowel programkwaliteite as bestuurskwaliteite. Sulke ondersoeke fokus op groeperings van programme eerder as op individuele programme.
- * eksterne beoordeling van die resultate van interne selfevaluering met die oog op kwaliteitsvergelykings tussen instellings (Rullmann, 1990:117).

Evaluering geskied volgens 'n sesjaarsiklus. Elke jaar word 'n minimum van tien projekte uitgevoer. Ten einde die proses hanteerbaar te maak, is die 220 onderrigprogramme in bepaalde groeperings saamgevoeg. Binne elke groepering word die dominante eienskappe met betrekking tot sowel insette, prosesse as uitsette geevalueer. Globaal beskou, kan die aanspreeklikheid en prosedures dus soos volg uiteengesit word:

- * Kwaliteitsversekering is primêr die verantwoordelikheid van individuele instellings;
- * 'n Nasionale benadering tot programidentifikasie, toerekenbaarheid, vergelykbaarheid en koördinering word gevolg;
- * selfevaluering vorm die basis vir kwaliteits-evaluering;

- * selfevaluering geskied voor eksterne beoordeling;
- * verkenningsondersoeke kan onafhanklik van self-evaluering geskied;
- * evaluering geskied op 'n deurlopende grondslag;
- * evaluering is programgerig eerder as dissiplinegerig (Vroeijenstijn, 1990:24);
- * resultate word openbaar bekend gemaak en gepubliseer.

Gelyklopend met die kwaliteitsverbeteringsprogram word 'n inligtingsbasis vir HBO-instellings ontwikkel. Gemelde inligtingsbasis sal na verwagting 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot onderlinge vergelykings tussen instellings.

3.6.2 Die rol van die HBO-raad

Die rol van die HBO-raad ten opsigte van kwaliteitsversekering kan in baie opsigte met dié van die VSNU vergelyk word, naamlik om dit te koördineer en te vergemaklik. In daardie hoedanigheid stel die Raad beoordelingskomitees saam, tref die nodige reëlins vir besoeke, publiseer verslae, stel 'n databasis en inligtingstelsel saam en doen selfs programaanpassings. Die Raad is ook deurlopend in gesprek met individuele instellings, monitor die proses van kwaliteitsversekering en hou toesig oor

die verloop van kwaliteitsversekeringaksies. Voorts stel die Raad riglyne vir die proses van kwaliteitsversekering saam. Wat dit betref, spesifiseer die Raad ook die basiese inligtingsbehoefte vir evaluerings. Dit sluit in:

- * die missie en doelstellings van 'n instelling;
- * die wyse waarop wysigings in onderrigprogramme hanteer word;
- * prosedures vir keuring en toelating;
- * die wyse waarop die kwaliteit van die onderrigproses deurlopend gemonitor word;
- * studenteregistrasie en studievordering; en
- * dokumentasie oor die kwaliteitsversekeringsproses.

Bogemelde inligting vorm uiteindelik deel van die sentrale inligtingsbron wat saamgestel word. Dit dien ook daarop gelet te word dat die HBO-instellings tradisioneel keuring kan toepas ten einde hulle getalle in ooreenstemming met markbehoefte te bring. Dit geld dus as 'n wyse waarop insetkwaliteit beheer kan word. HBO-instellings het in dié opsig 'n voordeel bo die universiteite waar keuring nie op eerstejaarsvlak mag plaasvind nie (Vroeijenstijn, 1990:21).

3.6.3 Eweknie-evaluering en prestasiemaatstawwe

Prestasiemaatstawwe het tot die hede nog nie veel inslag onder die HBO-instellings gevind nie. Eerstens is die stelsel van kwaliteitsversekering nog nie goed ontwikkel nie en instellings is steeds besig om hulle pad ten opsigte van die tipe inligting wat benodig word, te vind. Tweedens, die gedifferensieerde aard van programme skep probleme ten opsigte van kwaliteitsmeting. Daar bestaan volgens Rullmann (1990:120) ook heelwat twyfel of prestasiemaatstawwe wel in die konteks relevant is (Sizer, 1990:161) en of daar nie meer waarde in ewekniebesprekings is nie. Derdens beklemtoon prestasiemaatstawwe uniformiteit en kwantitatiewe meetbaarheid. Die fokus verskuif as gevolg daarvan maklik na die beplanning en kontrole van kwaliteit eerder as die bevordering van kwaliteit. Spee (1990:16) is gevolglik van mening dat die aksent op die proses van kwaliteitsversekering eerder as die ontwikkeling van 'n stel prestasiemaatstawwe geplaas moet word.

Ook wat eweknie-evaluering betref, is die aktiwiteite prosesgeoriënteerd. Eweknie-evaluering word gevolglik bloot as 'n element in die proses van kwaliteitsversekering gesien. Die HBO-instellings ervaar boonop probleme rondom die identifikasie van eweknie. Dit vloei voort uit die beroepsgerigte aard van onderrig en die programbaseerde eerder as dissiplinegerigte evalueringproses. So ervaar die

HBO-navorsers bv. dat die kwaliteit van hulle navorsing inderdaad deur die aanvaarbaarheid en benutbaarheid daarvan in die praktyk gereflekteer word, eerder as om insette in die vorm van artikels deur eweknieë te laat beoordeel. Vanweë die kontraktuele aard van die HBO-navorsing word artikels ook nie noodwendig as 'n aanvaarbare uitset gereken nie, veral waar die vertroulike aard van kontraknavorsing ter sprake kom.

3.7 NEWE-EFFEKTE VAN KWALITEITSVERSEKERING OP INSTITUSIONELE BESTUUR

Uit die voorafgaande besprekings is dit duidelik dat die kwaliteitsaspek 'n uiters belangrike element van staats- en institusionele beleid vorm. Dit is ook duidelik dat die stelsel van kwaliteitsversekering verreikende gevolge inhou ten opsigte van institusionele standaarde, organisatoriese effektiwiteit en bestuurstelsels, om maar net enkeles te noem. Terselfdertyd wil dit voorkom asof die staat se hantering van kwaliteitsaangeleenthede, en meer spesifiek die kontrolegeoriënteerdheid van optrede, bepaalde en dikwels onbeplande implikasies vir individuele instellings inhou. Primêr kan hierdie implikasies aan die prioriteitstand van doelstellings gekoppel word.

Hoër onderwys-instellings word gekenmerk deur 'n matriksstruktuur bestaande uit ten minste administratiewe sowel as akademiese dimensies. Die doelstel-

lings van die akademiese en administratiewe sektore kan totaal uiteenlopend wees, terwyl doelstellings op verskillende vlakke van bestuur ook verskil. Verder kan die relatiewe belangrikheid van doelstellings eweneens met verloop van tyd verander. Volgens Clark (1983:56) het die besluitnemingsmag in Nederlandse universiteite tradisioneel in die professore as akademiese leiers gesetel. Doelstellings van administratiewe aard het minder gewig as die van die professore gedra. Sedert ongeveer 1970 het die magsbalans geleidelik begin verskuif na die middelvlakke van bestuur, veral die fakulteite en navorsingsinstitute, maar steeds aan die akademiese kant (Spaapen, 1988:73) gebly. Gedurende die afgelope aantal jare het die magsbalans as gevolg van veral sterker finansiële kontroles meer gesentraliseerd geraak. Administratiewe doelstellings het gevolglik groter prominensie in die besluitnemingsproses verkry (Westerheijden, 1990:185).

Dit impliseer dat die skaal ten opsigte van institutionele doelstellings geswaai het vanaf uitsetdoeltreffendheid na bestuurseffektiwiteit. Vir die HBO-instellings in die besonder hou hierdie verwikkelinge ernstige implikasies in aangesien hulle status en aanvaarbaarheid in die gemeenskap juis aan die kwaliteit en toepaslikheid van hulle opleiding gemeet word. Doeltreffendheid in terme van uitsette bly dus vir hulle kardinaal.

3.8 Slotopmerking

Met die herstrukturering van die Nederlandse hoër onderwys-bestel die afgelope dekade is daar ook 'n omvattende kwaliteitsversekeringstelsel tot stand gebring. Kwaliteitsversekering vorm vandag, soos in die Verenigde Koninkryk, 'n prominente beleidselement op sowel die staats- as institusionele vlak. Struktureel vind dit weerklank in die bestaan van verskeie staats- en institusionele liggame. Nederlandse instellings plaas die klem egter op eweknie-evaluering, eerder as prestasiemaatstawwe soos in die geval van die Verenigde Koninkryk, wat wesenlike verskille in die hantering van kwaliteitsversekering tot gevolg het.

HOOFSTUK 4

KERNEIENSKAPPE VAN KWALITEITSVERSEKERINGSTELSELS AAN INSTELLINGS VIR HOËR ONDERWYS IN NEDERLAND EN DIE VERENIGDE KONINKRYK

4.1 INLEIDING

Die stelsels van kwaliteitsversekering soos wat dit in Nederland en die Verenigde Koninkryk bedryf word, is grotendeels die resultate van eksterne drukfaktore wat in die makro-omgewing ontstaan het. Laasgenoemde hang veral saam met twee stelling gebeurtenisse wat vervolgens kortliks toegelig word.

* Sosio-ekonomiese en politieke verwickelings binne die Britse en Nederlandse gemeenskapslewe

Gemeenskapspersepsies rakende die relevansie van sowel tradisionele universiteitsopleidingsprogramme as regeringstandpunte rondom die koste-effektiwiteit, doeltreffendheid en kwaliteitstoerekenbaarheid van hoër onderwys verteenwoordig waarskynlik die belangrikste dryfvere vir die instelling van gestruktureerde kwaliteitsversekeringsprogramme.

* Die nuwe ekonomiese orde in Wes-Europa

Met die oog op die 1992-herstrukturering van die ekonomiese struktuur van Wes-Europa, is daar 'n sterk behoefte aan die vergelykbaarheid van onderrigprogramme ten einde akkreditasie van kwalifikasies en mobiliteit

van studente te vergemaklik. Voortvloeiend daaruit bestaan daar 'n duidelike tendens om groter uniformiteit ten opsigte van kwalifikasiestrukture sowel as die bestuur en benaming van hoër opvoedkundige instansies te bewerkstellig. Die beoogde omskakeling van die Britse polytechnics na universiteite in 1993, die gelykstelling van Nederlandse universiteite en die HBO-instellings, asook die beweging na 'n uniforme kwalifikasiestruktuur van vergelykbare duur (4 jaar) (Teichler, 1991:5), verteenwoordig simptome van bogemelde tendens. Belangrik is dat vergelykbare onderrig-kwaliteite grondliggend aan gemelde verwikkelinge is.

4.2 GRONDLIGGENDE EIENSKAPPE VAN KWALITEITSVERSEKERING- STELSELS

Hoewel situasies in Nederland en die Verenigde Koninkryk uiteraard verskil, blyk daar tog gemeenskaplikhede na vore te kom, wat vervolgens uitgelig word.


- * Kwaliteitsversekering verteenwoordig 'n sleutelement ten opsigte van sowel makro- as institusionele beleid. In sowel Nederland as die Verenigde Koninkryk neig die belangrikheid van kwaliteitsversekering om toe te neem namate dit uitgebou word om veral finansiële beleid te beïnvloed. Kwaliteitsversekering word ook toenemend as deel van strategiese beplanningsaksies beskou. In Nederland is gemelde koppeling geformali-

seer in die HOOP-ooreenkomste (Goedebuure et.al, 1990:27).

* Dit beïnvloed organisatoriese en bestuurstrukture op sowel makro- as institusionele vlak. Voortvloeiend uit strategiese bestuursdoelwitte het kwaliteitsversekering verweef geraak in die organisatoriese en bestuursraamwerke wat hoër onderwys-instellings enersyds aan die staat en andersyds onderling aan mekaar koppel. Vanuit staatsweë het dit gelei tot die skepping van spesiale instrumente, waaronder sowel die Inspektorate vir Hoër Onderwys as Ministeriële Ondersoekkomitees. Ook wat die skakeling met befondsing betref, is spesiale befondsingsliggame tot stand gebring. Laasgenoemde koppeling is weliswaar in die Verenigde Koninkryk veel sterker as in Nederland. Op interinstitusionele vlak het kollektiewe verantwoordelikhede reeds gelei tot die skepping van interinstitusionele liggame soos die Akademiese Oudit Eenheid in die Verenigde Koninkryk en die Evalueringskomitees, Programontwikkelingskomitees en Loodskomitees in Nederland. Op institusionele vlak self vorm dit toenemend deel van korporatiewe beplanning en is verskeie liggame, veral op fakulteitsvlak, in die lewe geroep om daarna om te sien.

Hoewel die situasie in Nederland en die Verenigde Koninkryk in verskeie opsigte wesenlik verskil, is die organisatoriese ooreenkomste tog opvallend, soos uit Figure 4.1 a + b blyk. In beide gevalle is universiteite en beroepsopleidingsinstellings tans besig

Diagrammatiese voorstelling van kwaliteitsversekering in die Verenigde Koninkryk en Nederland



Figuur 4.1

om nader aan mekaar te beweeg. Hierdie koppeling word sonder twyfel vergemaklik deur vergelykbare institusionele kwaliteit. Trouens, kwaliteit van onderrig en navorsing vorm een van die belangrikste fundamente waarop die integrasie van gemelde tipes instellings gebou is.

Struktureel dien daar op gelet te word dat die kwaliteitsversekeringstrukture wat rondom beroepsopleidingsinstansies gebou is, veel meer omvattend is as dié wat universiteite bedien. Kwaliteitsversekering aan instellings vir hoër beroepsowerwys geskied via die staat en sy instrumente, die privaatsektor, asook die instansies self, sowel individueel as kollektief. Die struktuur is meer geformaliseer en ekstern van aard as wat die geval by die universiteite is. In laasgenoemde geval is daar waarskynlik defensief te werk gegaan in 'n poging om universiteitsoutonomie te beskerm deur eerstens kollektiewe stelsels soos die Akademiese Oudit-eenheid tot stand te bring en, tweedens, sterk op institusionele selfevaluering te steun. Deur volle aanspreeklikheid in dié verband te aanvaar, poog universiteite dus om hulle outonomie te handhaaf.

* Dit skep bepaalde verhoudinge teenoor die staat.

Kwaliteitsversekering het eerstens gehelp om toerekenbaarheid te bepaal. Dit geld sowel die toerekenbaarheid van die staat teenoor die breëre gemeenskap as die individuele en kollektiewe toerekenbaarheid van

opleidingsinstansies. Ten opsigte van die kwaliteit van onderwyskundige dienste omsluit die begrip toerekenbaar ook bestuurskwaliteit (effektiwiteit) en koste-effektiwiteit, insetkwaliteit, proseskwaliteit en uitsetkwaliteit (doeltreffendheid). Dit het dus betrekking op die totale kwaliteit van dienste gelewer.

Tweedens, die staat verkry groter insae in die missies en doelstellings van instellings, waardeur koördinasie verbeter word. In Nederland is daar aan die reëling spesifiek beslag gegee deur die verskyning van die HOOP van 1988, terwyl die UFC en PCFC in Brittanje soortgelyke reëlings met individuele instansies het. Gemelde reëlings impliseer ook dat die staat in 'n groter mate as in die verlede 'n rigtinggewende rol in dié verband kan speel.

Derdens, die outonome status van individuele instansies is herdefinieër en aan bepaalde aanspreeklikhede ten opsigte van kwaliteitsversekering gekoppel. Gemelde aspek is veral betekenisvol waar die staat se kwaliteitsdoelstellings meer kontrolegeoriënteerd as kwaliteitverbeteringsgeoriënteerd is. 'n Kontrolegeoriënteerdheid neig tot die bevordering van uniformiteit eerder as individualiteit wat 'n kenmerk van outonomie is.

* Dit bevorder institusionele samewerking. Hoewel aanspreeklikheid ten opsigte van kwaliteitsversekering


primêr aan individuele instansies opgelê word, lei kollektiewe verantwoordelikhede tot beter samewerking en die instelling van verskeie interinstitusionele liggame spesifiek gemoeid met kwaliteitsversekering.

* Dit bevorder kwaliteitswaardestelsels. Staatsinisiatiewe ten opsigte van kwaliteitsversekering het ongetwyfeld die bewuswording en relevansie van kwaliteitsversekering op institusionele vlak gestimuleer. Hoewel daar tot die hede met die meting van effektiwiteit meer sukses behaal is as met die meting van doeltreffendheid het sulke meting 'n proses gestimuleer wat positiewe langtermyn resultate tot gevolg sal hê.


* Dit bring verskillende aksente en balanse in kwaliteitsversekering na vore. In Figuur 4.2 word bepaalde dimensies van kwaliteitsversekering uitgebeeld. Gemelde dimensies verteenwoordig nie noodwendig verskillende pole van waardes nie, maar dui moontlike aksente en assosiasies aan wat in die geval van Nederland en die Verenigde Koninkryk na vore gekom het. Soos uit Figuur 4.2 afgelei kan word, kan gemelde aksentverskille aan uiteenlopende doelstellings sowel as prioriteite van doelstellings tussen die staat en individuele instellings gekoppel word. Waar 'n sterker kontrolegeoriënteerdheid in staatsdoelstellings soos in die Verenigde Koninkryk na vore kom, het dit implikasies ten opsigte van die spesifieke aard en vorm van inligtingsbehoefte, die instrumente wat gebruik word om

Dimensies en balanse in kwaliteitsversekering.


Doelstellings




Inligtingsbehoefte



Prosedures



Bestuurskenmerke



Figuur 4.2

kwaliteit mee te monitor, asook die prosedures wat gevolg word. Dit is duidelik dat daar in die proses 'n fyn balans tussen wat die staat as wenslik beskou en wat die individuele instansies as wenslik beskou, gehandhaaf moet word. Indien die staat se kontrole- en beheerdoelstellings te sterk na vore kom, beïnvloed dit die outonomie en individualiteit van instellings en plaas dit die klem op bestuurseffektiwiteit eerder as uitsetdoeltreffendheid. Op institusionele vlak kan 'n kontrolegeoriënteerdheid ook lei tot 'n verskuiwing in die "magsbalans" vanaf die akademiese na die administratiewe, wat op die langtermyn nadelig op akademiese kwaliteit kan inwerk. Die balans tussen staats- en institusionele doelstellings en aksente is 'n delikate een wat maklik verreikende implikasies vir die individuele instansies kan inhou en terselfdertyd die verhouding tussen instansies en die staat drasties kan beïnvloed. Ideaal gesproke sou sowel die staat as individuele instellings die balans moet monitor ten einde die wenslike posisie van ewewigtigheid te bepaal.

- * Dit beklemtoon verskillende meetinstrumente en optredes. Kwaliteitsmeting geskied kwantitatief sowel as kwalitatief en word intern sowel as ekstern gehanteer. 'n Kontrolegeoriënteerde benadering bring 'n sterk beklemtoning van kwantitatiewe metings, veral prestasie-maatstawwe na vore. Terselfdertyd word eksterne monitor-aksies beklemtoon. Gemelde kategorieë was tot dusver meer geslaag by effektiwiteitsmetings as

doeltreffendheidsmetings, terwyl die aanvaarbaarheid van prestasiemaatstawwe in die besonder sterk negatiewe reaksies, veral in Nederland, ontlok het.

Op institusionele vlak blyk dit duidelik dat institusionele selfevaluering as die grondslag van kwaliteitsversekering beskou word, en dat eweknie-evaluering, ongeag die kwalitatiewe aard van die resultate, as 'n besonder nuttige instrument beskou word. Dit is ook duidelik dat die verantwoordelikheid om selfevaluering te laat slaag groot is, en dat die staat in sowel Nederland as die Verenigde Koninkryk deur middel van sy Inspektorate kan ingryp indien dit nie na wense gehanteer word nie. Selfevaluering kan as 'n defensiewe meganisme om institusionele outonomie te handhaaf, beskou word. Hoewel institusionele selfevaluering dikwels as gevolg van eksterne druk geïnisiëer en in dié opsig as reaktief beskou kan word, het dit tog meriete om in dié opsig pro-aktief op te tree ten einde maksimum outonomie te handhaaf. Deur te min te laat te doen, bied dit aan die staat die geleentheid om monitorstelsels te ontwikkel wat op die outonomie van instellings inbreuk kan maak.

* Die resultate word openbaar gemaak. Instansies is teenoor hulle gemeenskap aanspreeklik om die kwaliteit van hulle dienste te openbaar.

4.3 Slotopmerking

Ondanks die opvallende verskille tussen die Britse en die Nederlandse stelsels van kwaliteitsversekering is dit duidelik dat daar heelwat gemeenskaplikhede bestaan en dat dit verskeie voordele vir die gebruiker inhou. Dit is terselfdertyd duidelik dat kwaliteitsversekering, soos dit in gemelde lande bedryf word, diep in die wese van hoër onderwys ingryp en dat instellings in die proses gedwing word om beleidmatig ernstig daaroor te besin.

HOOFSTUK 5

RAAMWERKE VIR KWALITEITSVERSEKERING AAN TECHNIKONS EN UNIVERSITEITE IN SUID-AFRIKA

5.1 INLEIDING

Die Suid-Afrikaanse hoër onderwys-bestel toon verskeie ooreenkomste met dié van Nederland en die Verenigde Koninkryk, hoewel daar ook betekenisvolle verskille is.

- * Struktureel kan hoër onderwys in Suid-Afrika in twee kategorieë verdeel word, naamlik universiteite en instellings vir beroepsonderwys. Laasgenoemde sektor bestaan uit twee subsektore wat prakties totaal onafhanklik van mekaar funksioneer, te wete teknikons en onderwyserskolleges. Laasgenoemde word vir die doel van hierdie bespreking buite rekening gelaat.
- * Soos in die Verenigde Koninkryk en Nederland is die universiteite tradisioneel meer gevestigde outonome instellings as teknikons wat kwalik 'n dekade oud is, maar wat besig is om toenemend outonoom te raak. Gemelde twee tipes instellings word funksioneel as komplementêr en gelykwaardig beskou (NASOP 02-118:27), hoewel teknikons tans nog nie soos hulle eweknieë in Nederland en die Verenigde Koninkryk oor die reg beskik om grade toe te ken nie.
- * Staatsubsidiëring van universiteite en teknikons geskied deur middel van bepaalde formules soos omskryf in SANSO 110 (1983) en SANSO 131 (1986). Gemelde formules stem grootliks ooreen hoewel daar tog verskille is. Twee belangrike aspekte dien egter vermeld te word, naamlik

dat volle befondsing ooreenkomstig die formules nog nooit plaasgevind het nie en dat besnoeiings ten opsigte van die verminderde subsidie jaarliks plaasvind, en tweedens dat subsidies nie net op insette (studentegetalle) gebaseer is nie, maar ook op uitsette. In dié opsig geld veral effektiewe slaagsyfers (ESS) asook navorsings-uitsette. Laasgenoemde word in die geval van teknikons eers vanaf 1992 befonds. Die koppeling van befondsing aan uitsetkwaliteite stem ooreen met die situasie in Nederland en die Verenigde Koninkryk hoewel dit nie so vër gevoer word as in die Verenigde Koninkryk nie.

- * Organisatories word universiteite verteenwoordig deur die Komitee vir Universiteitshoofde (KUH) en teknikons deur die Komitee vir Technikonhoofde (KTH). Sowel die KTH as KUH is egter verteenwoordig in die Adviesraad vir Universiteite en Teknikons (AUT). Die AUT adviseer die Minister van Nasionale Opvoeding oor algemene beleid rakende universiteite en teknikons, veral ten opsigte van vak- en programaanbiedings, toekenning van subsidies, kwalifikasies ens. (NASOP 02-170:19). Wat die situasie in Suid-Afrika kompliseer, is die koppeling van sowel universiteite as teknikons aan die sogenoemde eie-sake departement, naamlik die Departement van Onderwys en Kultuur (Volksraad). Gemelde Departement speel egter 'n ondergeskikte en kwynende rol, gesien die politieke ontwikkelinge wat tans in Suid-Afrika plaasvind.

Terwyl die voorafgaande enkele opvallende struktureienskappe weerspieël, is 'n sinvolle evaluering van

kwaliteitsversekering binne die Suid-Afrikaanse hoër onderwys-bestel nie moontlik sonder om in groter besonderhede na sowel korporatiewe staatsdoelstellings as die universiteits- en teknikonsubsteme te kyk nie.

5.2 MAKRODOELSTELLINGS TEN OPSIGTE VAN HOËR ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

Doelstellings van hoër onderwys is in Suid-Afrika soos elders ter wêreld dikwels vaag geformuleer, terwyl daar selde duidelike aanduidings oor die prioriteite van doelstellings bestaan. Laasgenoemde hou uiteraard verband met gemeenskapsbehoefte wat as gevolg van sosio-ekonomiese en politieke faktore aan 'n staat van verandering onderwerp is. Dit is terselfdertyd duidelik dat die missiestellings van tersiêre opvoedkundige instellings in Suid-Afrika uiteenlopende aspekte beklemtoon en instellings gevolglik verskillende doelstellings met verskillende prioriteite het.

Soos in NASOP 02-170 (88/04:4) uiteengesit, setel die regering se betrokkenheid by onderwysvoorsiening in die uitgangspunt "dat dit die owerheid se taak is om die belange van die staat en al sy inwoners te behartig. Die regering se hoofdoel is derhalwe om die grootste mate van geestelike en materiële welsyn vir alle landsburgers te voorsien". In ooreenstemming met genoemde hoofdoelwit identifiseer die regering twee hoof funksies ten opsigte van onderwysvoorsiening:

- * "Die skepping van onderwysinstansies; die bepaling van hulle doelwitte, die afbakening van hulle werksterreine..."; asook
- * die beskikbaarstelling van hulpbronne aan die onderwysstelsel. Die funksie "gaan noodwendig gepaard met die instelling van beheermaatreëls wat kan verseker dat rekenskap gegee word van die aanwending van die hulpbronne wat uit openbare fondse bekostig word" (NASOP 02-170 88:04:4).

Beide funksies benadruk staatsondersteuning, maar ook staatsbeheer en kontrole asook toerekenbaarheid met die besteding van staatsfondse.

Hoewel, soos reeds gemeld, amptelike beleidsdokumente oor makrodoelstellings vaag is, kan die volgende doelstellings tog uit publikasies soos NASOP 02-118 (88/07) en die besprekingsdokument oor 'n onderwysvernuwingstrategie (OVS-1991) afgelei word:

- * Opvoeding. Tradisioneel is opvoeding een van die basiese doelstellings van hoër onderwys-inrigtings. Dit gaan hier om die opvoeding en ontwikkeling van die totale mens. Voorts sluit die opvoedingsdoelstelling ook die "intellektuele en geestelike stimulering van studente deur gemeenskapsaktiwiteite, kultuurgeleenthede, en dergelike meer" in (NASOP 02-118:32).

Relevansie en beroepsopleiding. Groeiende gemeenskapsdruk het 'n fokusverskuiwing teweeg gebring vanaf 'n meer

akademies georiënteerde opleiding na tegnologiese en beroepsopleiding wat meer relevant tot die behoeftes van die handel en nywerheid geag word (NASOP 02-118:1).

Gemelde doelstellings bevorder veral technikononderrig.

- * Rasionalisasie en koste-effektiwiteit. In die voorstelle oor 'n onderwysvernuwingstrategie (OVS, 1991:39) word die behoefte aan die rasionalisasie van programme beklemtoon. Dit word direk gekoppel aan koste-effektiwiteit en openbare persepsies van onderrigaktiwiteite.

- * Effektiwiteit en kwaliteit (standaarde). Ondanks groeiende druk uit sekere oorde om standarde te verlaag, bly die handhawing en verbetering van standarde op tersiêre vlak 'n eksplisiete doelstelling (De Klerk, 1989:131). Dit geld sowel insette, waar sekere minimumtoelatingsvereistes geld, as uitsette, waarvan die instelling van die Sertifiseringsraad vir Technikons (Sertec) bewys lewer. Die toepassing van die SANSO-stelsel dui ook op die staat se erns met bestuurs- en koste-effektiwiteit.

- * Gelykheid. Gelykheid van toelatingsgeleenthede word veronderstel in die staat se bepalinge rondom matrikulasievrystelling, hoewel die keuringsvereistes van individuele instansies dit mag versteur. Meer eksplisiet is egter die staat se vereistes ten opsigte van uitsetkwaliteite aan teknikons. Sertec se hoofdoel

is spesifiek om gelyke standarde te verseker, hoewel die haalbaarheid daarvan betwyfel word.

Indien bogenoemde makrodoelstellings vergelyk word met dié van Nederland en die Verenigde Koninkryk blyk die ooreenkomste duidelik. Wat moontlik mag verskil, is die prioriteite, aksente en toepassings.


Histories beskou, is dit duidelik dat kwaliteitsdoelstellings in die afgelope aantal jare veel meer prominensie as in die verlede verkry het en dat die staat dit ook al hoe meer as 'n bestuursinstrument aanwend. Hoewel die aksent in die bespreking op teknikons geplaas word, is 'n kort oorsig van kwaliteitsversekering aan universiteite nie onvanpas nie.

5.3 KVALITEITSVERSEKERING AAN UNIVERSITEITE

Artikel 10(1)(a) van die Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955) bepaal dat slegs persone wat oor 'n matrikulasievrystellingsertifikaat beskik by 'n universiteit vir 'n graadkursus mag inskryf. Daarmee is die basis gelê vir die handhawing van insetkwaliteit. Desondanks meld De Klerk (1989:131) dat bykans 30 persent van alle studente wat hulle in 1987 by universiteite geregistreer het nie oor die matrikulasievrystellingsertifikaat beskik het nie. Tog is daar min twyfel dat gemelde wetsbepaling vir insetkwaliteite bevorderlik is.

Uitsetkwaliteite is lank reeds deur middel van eksterne eksaminering, wat wesenlik op eweknie-evaluerings neerkom, gehanteer. Daar het egter nie formele verpligtinge op universiteite in die verband gerus nie. Gedurende die sestiger- en sewentigerjare was eksterne eksaminering wel verpligtend vir die destydse universiteitskolleges wat onder voogdyskap van Unisa gefunksioneer het. Sedert 1983 met die verskyning van SANSO 110 het die situasie egter verander toe daar 'n wye reeks norme en standaarde vir universiteitsfinansiering geïmplementeer is. Hoewel baie van die norme en standaarde koste-effektiwiteit eerder as doeltreffendheid ten doel gehad het, is subsidiëring van universiteite nou ook aan uitsetkwaliteite gekoppel. Die belangrikste hiervan is die koppeling aan slaagsyfers - wat nie noodwendig altyd kwaliteit bevorder het nie - en navorsing. Soos duidelik uit Figuur 5.1 blyk, stem slaagsyfers (uitsette) van verskillende universiteite sterk ooreen, hoewel uitsetkwaliteite grootliks kan verskil. Indien universiteite dus oor vergelykbare proseskwaliteite beskik, dui bogemelde patroon op wisselende standaarde aan universiteite. Wat navorsing betref, geskied beoordeling wesenlik deur 'n proses van eweknie-evaluering. Dit is ook reeds op hierdie vroeë stadium duidelik dat die subsidiëring van navorsingsuitsette 'n merkbare bydrae tot die verbetering van uitsetkwaliteite gelewer het en terselfdertyd 'n duidelike impak op institusionele doelstellings en bestuursaspekte gemaak het. Tog bestaan daar steeds aansienlike verskille ten opsigte van die navorsingsuitsette van verskillende universiteite, wat op kwaliteitsverskille dui.

Slaagsyfer versus %C+ innames: Universiteite



FIGUUR 5.1

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar wel ooreenkomste met die Nederlandse en Britse stelsels bestaan, maar dat die verskille ook aansienlik is. In die eerste plek is dit opvallend dat universiteite nie oor kollektiewe liggame soos die Akademiese Ouditeenheid beskik om kwaliteite onderling te verseker nie, terwyl daar ook 'n totale gebrek aan eksterne staatsmonitorstelsels soos die Inspektorate vir hoër onderwys bestaan. Hoewel die Universiteit van die Oranje-Vrystaat reeds geruime tyd 'n omvattende navorsingsprogram oor institusionele selfevaluering bedryf, is die ontwikkeling van sodanige stelsels op institusionele vlak nie na wense nie. Perspektiewe verkry na aanleiding van verskillende konferensies oor institusionele self-evaluering laat die indruk dat institusionele optredes in die verband steeds baie beperk is.

5.4 KWALITEITSVERSEKERING AAN TECHNIKONS

5.4.1 Historiese Agtergrond

Histories beskou, het teknikons hulle ontstaan en groei te danke aan die behoefte aan tegniese en beroepsgeskoolde persone in die handel en nywerheid. Hoogtepunte in die evolusiegang van tegniese en beroepsopleiding in Suid-Afrika kan soos volg saamgevat word:

- * Staatsondersteuning vir naskoolse tegniese onderwys het sy oorsprong in 1896 in Kimberley gehad met die totstandkoming van 'n mynbouskool, gevolg deur enkele tegniese institute.
- * Die daarstelling van tegniese kolleges in 1923 kragtens die Hoger Onderwijs Wet, 1923 (Wet 30 van 1923).
- * Die opgradering van enkele tegniese kolleges tot Kolleges vir Gevorderde Tegniese Opleiding (KGTO's) in 1968 kragtens die Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet 40 van 1967), later bekend as die Wet op Technikons.
- * Die verdere opgradering van KGTO's tot teknikons met volle tersiêre status kragtens die Wysigingswet op Gevorderde Tegniese onderwys, 1979 (Wet 43 van 1979).
- * Die Wet op die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys, 1986 (Wet 88 van 1986) waardeur gepoog is om gelyke standaarde van onderwys en eksaminering tussen teknikons te verseker.

Daaruit kan afgelei word dat teknikons hulle ontstaan te danke het aan die behoefte om hoëvlak tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika te bevorder. Die evolusiegang van teknikons reflekteer derhalwe 'n kwaliteitsgroei. Verder word teknikons in terme van NASOP 02-118 (88/07:22) as komplementêr tot universiteite in die voorsiening van

hoëvlakmannekrag gesien en op 'n vergelykbare vlak met universiteite gestel. Dit impliseer vergelykbare standaarde en kwaliteite, hoewel die fokus van onderrig uiteraard verskil.

5.4.2 Insetkwaliteit

Toelating tot teknikons word gereël kragtens artikel 12 van die bepalinge van die Wet op Technikons, 1967 (Wet 40 van 1967), soos gewysig, en is onderworpe aan die algemene vereistes wat deur die KTH (NASOP 02-170; 88:04) en die onderskeie technikonrade ten opsigte van spesifieke onderrigprogramme gestel mag word.

Anders as by universiteite word 'n matrikulasievrystellingsertifikaat nie as minimumvereiste tot technikon-toelating gestel nie. Die KTH het gevolglik in 1986 'n stel vereistes goedgekeur wat as minimum vereistes vir toelating tot alle teknikons (KTH, 1986) geld. Terwyl die KTH dus poog om minimum insetkwaliteite te verseker, staan dit die rade van individuele teknikons vry om hoër toelatingsvereistes te stel. Hierdie opsie is byvoorbeeld ingevolge 'n Raadsbesluit van 11 September 1986 deur die Kaapse Technikon uitgeoefen. In aansluiting by die Raadsbesluit en aansluitend by sy missiestelling formuleer gemelde Technikon die volgende keuringsdoelstellings:


- * Om slegs die beste studente te keur deur toelatingsvereistes altyd hoër as die KTH-norme te stel.
- * Om keuringsvereistes per onderrigprogram sover moontlik hoër as die toelatingsvereistes te stel.
- * Om keuring nie net op akademiese of skolastiese prestasie te baseer nie, maar ook op persoonlikheids- en beroepskundige profiele ten einde te verseker dat die mees doelmatige uitsette gelewer word (Kaapse Technikon, 1989:30).

Hoewel bogemelde slegs die situasie aan een spesifieke technikon reflekteer, dui dit ondubbelsinnig op 'n strewe na hoër standaarde en kwaliteite. Soos uit Figuur 5.2 blyk, het dit 'n konstante groei in insetkwaliteite, gemeet in terme van skolastiese prestasies, tot gevolg gehad. Hoewel vergelykende statistiek vir ander teknikons ontbreek, vergelyk die Kaapse Technikon se statistiek oor skolastiese prestasies baie goed met dié van die voorste universiteite in Suid-Afrika. (Figuur 5.1).

5.4.3 Proseskwaliteit

Proseskwaliteit is in die eerste instansie die aanspreeklikheid van individuele teknikons. Die kwaliteit van personeel, infrastruktuur en fasiliteite speel uiteraard

%C+ Registrasies 88-91. Kaapse Technikon



FIGUUR 5.2

'n rol in die kwaliteit van onderrigprosesse. Die kurrikulering van onderrigprogramme geskied egter op 'n intertegnikonbasis en kollektiewe goedkeuring van programinhoud verteenwoordig 'n standaardprosedure (NASOP 02-150, 88/01). Kurrikulering is dus gekoppel aan ewekniebeoordeling van programinhoud deur sowel akademiese personeel aan verskillende tegnikonas as die bedryf. Deurdat onderrigprogramme ook aan bedryfsvereistes van kwaliteit en inhoud moet voldoen, bestaan daar effektief 'n kruiskontrolle tussen akademiese insette en bedryfsinsette. Gereelde skakeling met die bedryf deur middel van skakelkomitees verseker dat die bedryfsbehoefte na behore geakkommodeer word.

Hoewel die nasionale karakter van tegnikonkwalifikasies onderlinge samewerking tussen tegnikonas vereis en bydra om bepaalde minimumstandaarde ten opsigte van programinhoud te verseker, ervaar verskeie tegnikonas dat hulle as gevolg van nasionale vereistes verhoed word om kwaliteitsgroei te bevorder. Laasgenoemde hang saam met die konsensusbasis waarop onderlinge ooreenkomste oor programinhoud bereik word. "Swakker" tegnikonas word daardeur in 'n posisie geplaas om programvernuwing en kwaliteitsverhoging te veto en programinhoud te beperk tot die vlak van algemene haalbaarheid. Hoewel tegnikonas individueel toevoegings tot amptelike programinhoud kan maak, word die kwalifikasies wat verwerf word, steeds as gelykwaardig beskou. Die stelsel van

nasionale kwalifikasies werk dus ook teen kwaliteits-groei.

Op institusionele vlak rus die onus grootliks by individuele teknikons om proseskwaliteite te bevorder. Die instelling van kursusrade en 'n akademiese standaardekomitee aan die Kaapse Technikon weerspieël aktiwiteite op dié vlak. Verskeie teknikons is ook besig om prestasiemaatstawwe te ontwikkel en personeel-ontwikkelingsprogramme van stapel te stuur ten einde proseskwaliteit te verbeter. Die instelling van eenhede vir onderrigontwikkeling en afdelings vir navorsings-ontwikkeling in onlangse jare dui op die erns waarmee teknikons kwaliteitsaspekte bejeën.

Sedert 1990 met die aanvang van die amptelike evalueringsbesoeke deur die Sertifiseringsraad vir Teknikons (Sertec 1-06,1991) is teknikons aan omvattende en indringende beoordeling deur eweknieë afkomstig uit akademiese kringe, sowel universiteite as teknikons en die bedryf blootgestel. Hoewel Sertec gemoeid is met die handhawing van uitsetstandaarde, word daar tydens evaluerings (Sertec, 1991:3) primer op prosesse gekonsentreer. Inligting wat versamel word, is sowel kwalitatief as kwantitatief van aard. Aangesien die Sertec-besoeke relatief onlangs 'n aanvang geneem het, word die inligtingsbehoefte grotendeels bepaal namate die ondersoeke vorder. Hoewel evaluerings tydens besoeke aan die hand van onderhoudsvraelyste geskied, is

geen finaliteit tot die hede oor die gebruik van bepaalde prestasiemaatstawwe en ander metingskriteria bereik nie. Trouens, evaluerings is grotendeels kwalitatief, gerugsteun deur statistieke en ander feitelike inligting. Hoewel dit nog te vroeg is om 'n duidelike beeld van die impak van die Sertec-besoeke op proseskwaliteit te bepaal, dwing dit instansies ten minste om self-evaluerings te doen wat uit 'n prosesoogpunt positief is. Verder bestaan daar 'n mate van dwang, veral gesien die verwagte toekomstige akkrediteringsrol van Sertec.

5.4.4 Uitsetkwaliteit

Uitsetkwaliteit is aanvanklik gemonitor deur die stelsel van eksterne nasionale eksamens waarby eksterne eksaminatore betrokke was. Hoewel teknikons op hulle pad na groter outonomie sedertdien die reg tot beperkte interne eksaminering verkry het, is hulle steeds aan eksterne moderering op finalejaarvlakke, meer spesifiek op die derde en vierde jare van studie, onderhewig. Diplomas en hoër diplomas word weliswaar reeds onder die gesamentlike vaandel van Sertec en die individuele teknikons uitgereik, maar bly steeds nasionaal van aard. Sertec se primêre taak is dus om te verseker dat kwaliteit op daardie vlakke gelyk is. Die haalbaarheid van gelyke eerder as minimumstan-

daarde word egter binne teknikongeledere betwyfel.

Sertec self interpreteer gemelde wetsartikel sodanig dat dit sy taak is om minimumstandaarde voor te skryf (Sertec, 1991:1) en dat die minimumstandaarde sowel werkgewers as beroepsliggame tevrede moet stel. Volgens Sertec (1991:1) "sal dit ook as aansporing dien vir teknikons om steeds hoër standaarde na te streef." Sodoende sou die minimumstandaarde telkens hoër gestel kan word. Hierdie uitgangspunt word as bevorderlik vir hoër technikonstandaarde beskou.

Kwalifikasies op meer gevorderde vlakke waaronder Meesterdiplomas en Laureatusdiplomas, is van nasionale vereistes vrygestel en teknikons kan in dié opsig hulle eie standaarde bepaal, hoewel Sertec ook 'n monitorverpligting het. Die stelsel van eksterne eksaminering geld nietemin in sodanige gevalle.


Terwyl Sertec die amptelike waghond oor uitsetstandaarde is en as statutêre liggaam in dié opsig staatsbelange verteenwoordig, is die lede van die Sertec-evalueringspanele nie staatsamptenare nie, maar eweknieë afkomstig uit akademiese inrigtings en die bedryf. Terwyl die aanvaarbaarheid van die Sertec-panele daardeur verhoog word, is Shippey (1990 (b):162) van mening dat die objektiwiteit van die evaluering ook verhoog word deur die samestelling van die panele.

Terselfdertyd verseker die meganismes dat die inligting openbaar raak. Technikons raak dus ook teenoor die bedryf vir die kwaliteit van opleiding toerekenbaar.

Dat uitsetkwaliteite neig om opwaarts te beweeg, blyk uit die feit dat verskeie teknikons reeds hulle sertifikaatprogramme uitgefaseer het of besig is om dit te doen en kwalifikasies op meer gevorderde vlakke soos Meestersdiplomas in te stel. Daardeur word die minimum uitsetvlakke soos in NASOP 02-150 (88/01) omskryf, verhoog. Die teknikons se aansprake op grade in plaas van diplomas dui ook op die persepsies wat binne teknikongeledere heers ten opsigte van die kwaliteit van hulle uitsette (KTH 1991).

Subsidiegewys is teknikons min of meer in dieselfde bootjie as universiteite. Die befondsing van suksesvolle studente (ESS'e) sowel as navorsingsuitsette plaas teknikons onder druk om die kwaliteit van hulle uitsette te verhoog. Waar studiesuksesse sterk aan proseskwaliteit koppel, is dit duidelik dat die implikasies van 'n uitsetgekoppelde subsidiestelsel verreikend is. Figuur 5.3 reflekteer die slaagsyfers van enkele teknikons in vergelyking met insetkwaliteit aan dieselfde teknikons. Soos in geval van universiteite (Figuur 5.1) reflekteer die verskille tussen insetkwaliteite en uitsette nie noodwendig die kwaliteit van die onderrigproses nie en suggereer dit verskille ten opsigte van standaarde.

Slaagsyfer versus %C+ innames: Technikons. 1989



FIGUUR 5.3

Bron: Bunting, 1991

Die befondsing van navorsingsuitsette vanaf 1992 bring 'n nuwe kwaliteitsdimensie in teknikons na vore. Waar navorsing tradisioneel nie 'n hoë prominensie aan teknikons gehad het nie, word die belangrikheid daarvan nou onderstreep. Enersyds kan die kwaliteit van kennis alleen ontwikkel deur navorsing. Teoreties is daar dus 'n verband tussen die omvang van navorsingsuitsette en die grootte van die kundigheidsbasis aan 'n teknikon. Die verdere KTH-vereiste ten opsigte van die navorsingsinhoud van hoërvlak kwalifikasies op gevorderde vlakke dwing teknikons boonop om hulle kundigheidsvlakke te verhoog (KTH, 1989:4). Soos in die geval van universiteite word navorsingsuitsette beoordeel deur 'n stelsel van eksterne eweknieë.

Laastens word uitsetkwaliteite deur die bedryf geëvalueer. Waar teknikons midde-in die tegnologiese en beroepsopleiding staan en produkte moet lewer wat onmiddellik bedryfsaanwendbaar is, kan die bedryf groter kontrole oor die uitsetkwaliteit van teknikons as dié van universiteite uitoefen. Die sterker bedryfskoppeling verseker terselfdertyd relevansie tot arbeidsbehoefte en die toepaslikheid van opleiding.

In die geval van teknikons word kwaliteitsversekering effektief deur vier eksterne liggame beïnvloed, naamlik die KTH, die privaatsektor, Sertec en die Departement van Nasionale Opvoeding deur sy befondsings-

beleid. Dit is ook duidelik dat teknikons aan sterk amptelike kwaliteitskontrole onderwerp is. Hoewel Sertec se aktiwiteite uiteraard teen die outonomie van individuele instellings indruis, word Sertec in dié opsig nie noodwendig negatief deur teknikons ervaar nie. Trouens, teknikons kan groter outonomie deur Sertec bekom veral as Sertec se funksies uitgebrei word om ook akkreditering te behartig. Dit sal egter 'n akkreditering van kwaliteit wees wat aan individuele teknikons groter outonomie kan besorg. Hoewel Sertec 'n waghond-funksie ten opsigte van kwaliteit verrig, strek Sertec se invloed nie sover as die van die staatsinspektorate in Nederland en die Verenigde Koninkryk nie. Sertec-evaluerings geskied onafhanklik van subsidietoekennings. Sertec is ook nie in die eerste plek met die kwaliteit van subsidieerbare navorsingsuitsette gemoeid nie, maar met die standaarde van onderwys en eksaminering - vandaar ook Sertec se fokus op prosesse. Die versekering van navorsingskwaliteit is 'n interne aangeleentheid - met bonusse vir kwaliteituitsette.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat teknikons aan groter eksterne kwaliteitskontrole as universiteite onderwerp is en dat bestaande stelsels gekoppel is aan die staat, die privaatsektor en die instansies self. Tog is die stelsel soos dit ontwikkel nie slegs kontrole-georiënteerd nie, maar bevat dit sterk elemente wat kwaliteitsverbetering bevorder.

5.5 ROLSPELERS IN DIE KWALITEITSVERSEKERINGSPROSES


Soos uit die voorafgaande besprekings afgelei kan word, is daar verskeie liggame by kwaliteitsversekering op hoër onderwysvlak betrokke. Diagrammaties sou dit soos in Figuur 5.4 uitgebeeld kan word:

- * Die Departement van Nasionale Opvoeding as beleidmakende liggaam beklee teoreties 'n sentrale posisie in die kwaliteitsversekeringsproses. Die Departement dien ook as kanaal vir staatsbefondsing na hoër onderwys-instellings.

- * Die Departement van Onderwys en Kultuur wat direk verantwoordelik is vir eie sake-aangeleenthede en wat die Departement van Nasionale Opvoeding oor beleidsake kan adviseer (NASOP 02-170, 88:18).

- * Die Adviesraad vir Universiteite en Technikons (AUT) adviseer die Minister van Nasionale Opvoeding oor algemene beleid rakende universiteite en teknikons. As sodanig sou die AUT hom kon uitspreek oor kwaliteitsversekering. Verder adviseer die AUT die Minister oor die toekenning van subsidies aan universiteite en teknikons, "die grondslag waarop en die voorwaardes waaronder sodanige subsidies toegeken moet word, en die doeleindes waarvoor sodanige subsidies aangewend moet word" (NASOP 02-170, 88:19).

Diagrammatiese voorstelling van kwaliteitsversekering
op makrovlak in Suid-Afrika



Figuur 5.4

* Die Komitee vir Technikonhoofde (KTH) asook die Komitee vir Universiteitshoofde (KUH) is gemagtig om voorwaardes en standarde vir toelating tot studie aan hulle onderhawige instansies voor te skryf (NASOP 02-170, 88:21). Sodoende is hulle by magte om insetkwaliteite te beïnvloed. As verteenwoordigende liggaam van teknikons en universiteite kan gemelde liggame die Minister oor enige aangeleentheid wat betrekking het op onderwys sake binne hulle verantwoordelike gebied adviseer. Hulle sou ook kollektiewe optredes ten opsigte van kwaliteitsversekering kon hanteer en as sodanig 'n belangrike inset tot die proses van kwaliteitsversekering kan lewer.

* Die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys (Sertec). Ingevolge die bepaling van die Wet op die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys (Wet 88 van 1986) is die hoofdoel van die Raad om te verseker dat dieselfde standarde van onderwys en eksaminering binne technikon-geledere gehandhaaf word. Soos reeds gemeld, interpreteer die Raad sy saak sodanig dat minimum standarde eerder as gelyke standarde nagestreef word; as sodanig vervul Sertec 'n kritieke funksie in die handhawing en uitbouing van standarde aan teknikons. Vanweë sy spesifieke werkswyses berus evaluering op ewekniebasis en word kundiges uit sowel die akademiese as die privaatsektor daarby betrek.

- * Die Privaatsektor. Privaatsektorbetrokkenheid is veral relevant in die geval van teknikons waar insette ten opsigte van sowel programinhoud as programkwaliteite gelewer word. Daarbenewens verseker privaatsektor-betrokkenheid dat programinhoud en -kwaliteite relevant tot bedryfsbehoefte bly.

- * Technikons. Teknikons is vanweë die nasionale stelsel van programme kollektief vir programinhoud en kwaliteit verantwoordelik. Hoewel teknikons tot kernleergange verbind is, staan dit individuele teknikons nietemin vry om tot die vereiste programinhoud toevoegings te maak en daardeur die kwaliteit en standaard van onderrig te verhoog. Aangesien teknikons toenemend outonoom raak (NASOP 02-118, 1988:2), berus die onus vir kwaliteitsversekering ook toenemend op teknikons self. Die feit dat technikonrade self toelatingsvereistes bo die vereiste van die KTH kan verhoog en self vir personeelkwaliteite, infrastruktuur en toerusting verantwoordelik is, reflekteer die omvang van insette wat op institusionele vlak gemaak kan word. Trouens, niks verhoed teknikons om kwaliteitsversekering as deel van hulle strategiese beplanning te hanteer nie.

- * Universiteite. Universiteite beskik oor 'n groter mate van outonomie as teknikons en sou derhalwe ook grootliks self vir kwaliteitsversekering verantwoordelik wees.

* Die gemeenskap. Hoewel gemelde liggame die hoofspelers ten opsigte van kwaliteitsversekering verteenwoordig, is die gemeenskap self 'n belangrike rolspeler. Ervarings in Nederland en Verenigde Koninkryk is juis dat gemeenskapspersepsies rakende die relevansie, effektiwiteit en doeltreffendheid van hoër onderwys 'n betekenisvolle invloed op gemelde organisasies gelaat het. Per slot van sake dien onderwysinsettings die gemeenskap en kan dit nie onafhanklik daarvan funksioneer nie.

5.6 Slotopmerking

Kwaliteitsversekeringstelsels aan Suid-Afrikaanse instellings vir hoër onderwys is nog nie tot op dieselfde vlak as die in Nederland en die Verenigde Koninkryk ontwikkel nie. Soos uit Tabel 5.1 blyk, toon die Suid-Afrikaanse bestel opvallende strukturele leemtes vergeleke met Nederland en die Verenigde Koninkryk. Dit is nietemin duidelik dat kwaliteitsversekeringstelsels in Suid-Afrika van toenemende belang is en dat die onus toenemend op die individuele instellings geplaas word om aan bepaalde kwaliteitsparameters te voldoen.

Hoewel kwaliteitsversekeringstelsels aan teknikons in baie opsigte meer omvattend as dié van universiteite is, ervaar teknikons in verskeie opsigte agterstande by hulle Europese eweknieë. Laasgenoemde het veral betrekking op hulle beperkte outonomie en die beletsels wat ten opsigte van grade geld. Beide aspekte werk teen kwaliteitsgroei in en demp

TABEL 5.1

VERGELYKENDE STRUKTUUREIENSAPPE VAN KWALITEITSEKERINGSTELSLS AAN NEDERLANDSE, BRITSE EN SUID-AFRIKAANSE INRIGTINGS VIR HOËR ONDERWYS

Struktuur-eienskappe	Nederland		Verenigde Koninkryk		Suid-Afrika	
	Universiteite	HBO-instellings	Universiteite	Polytechnics	Universiteite	Technikons
Beleidsmakende staatsdepartement(e)	Departement van Onderwys en Wetenskap		Departement van Onderwys en Wetenskap		Departement van Nasionale Opvoeding	
Adviserende liggame	-	-	-	-	1. Departement van Onderwys en Kultuur 2. AUT	
Verteenwoordigende koepelligame	VSNU	HBO-Raad	CVCP	CNAA	KUH	KTH
Kollektiewe kontroleorganismes (onderrigprogram)	1. Ewalueringskomitees 2. Programontwikkelingskomitees 3. Loodskomitees	1. Kurrikuleringskomitees	1. Akademiese ouditeenheid	Kurrikuleringskomitees		1. Kollektiewe kurrikulering (konvenorstelsel)
Statutêre beheerliggame	1. Staatsinspektoraat 2. Ministeriële ondersoekkomitees	1. Staatsinspektoraat		1. Staatsinspektoraat		1. Sertec
Ander rolspelers		Privaatsektor		Privaatsektor		Privaatsektor
Uitsetgekoppelde befondsing	Voorwaardelike befondsing van navorsing		Kompeterende tenders		1. Navorsingsuitsette 2. Effektiewe slaagsyfers	

inisiatiewe aan ondernemende instellings. Beide gemelde
probleme kan egter beleidmatig reggestel word.

HOOFSTUK 6

GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Die hoër onderwys-bestel in Suid-Afrika verskil in verskeie opsigte van die Nederlandse en Britse stelsel. Tog is dit duidelik dat daar talle raakpunte is en dat bepaalde tendense rondom kwaliteitsversekering ook in Suid-Afrika op die makrovlak waarneembaar is.

In Suid-Afrika moes hoër onderwys-instellings soos in Nederland en die Verenigde Koninkryk, eerstens ervaar dat gemeenskapspersepsies rondom hulle relevansie, effektiwiteit en doeltreffendheid verander het. Met die groeiende fokus op tegnologiese en beroepsopleiding is dit veral die tradisionele rol van die universiteit wat bevraagteken is. Tweedens, die befondsing van hoër onderwysinstellings is gekenmerk deur volgehoue en omvangryke besnoeiings. Hoewel die motiewe agter gemelde besnoeiings van dié in Nederland en die Verenigde Koninkryk verskil, was die resultate net so traumaties en word daar dikwels beweer dat die akademiese kwaliteit deur die besnoeiings benadeel word.

Binne breëre opvoedkundige verband is daar net soos in Nederland en die Verenigde Koninkryk 'n neiging tot die opgradering van beroepsopleidingsinstansies en die gelykstelling daarvan met universiteite te bespeur. Dat die proses in Suid-Afrika nog nie tot op dieselfde vlak as in Nederland en die Verenigde Koninkryk gevorder het nie, word weerspieël in die feit dat die amptelike minimum vereistes

vir toelating verskil en teknikons nog nie grade mag toeken nie. Tog is dit duidelik dat die staat se hantering van teknikons en universiteite beleidmatig gelyk gestel is, dat subsidiëring toenemend op dieselfde grondslae geskied en dat gemelde tipes instansies bestuursmatig nader aan mekaar beweeg. Dit is ook duidelik dat gelykstelling gekoppel word aan gelyke kwaliteit, en dat die staat, soos in die Verenigde Koninkryk en Nederland, instrumente soos Sertec geskep het om minimum kwaliteit te waarborg en kwaliteitsgroei te verseker.

Universiteite beskik in Suid-Afrika, soos in die Verenigde Koninkryk en Nederland, oor groter outonomie as teknikons. Soos in gemelde twee lande raak teknikons toenemend outonoom. Vanweë graadverskille ten opsigte van institusionele outonomie is aanspreeklikheid ten opsigte van kwaliteitsversekering ook groter in die geval van universiteite, terwyl eksterne kontroles op technikonkwaliteit sterker na vore kom.

Dit is duidelik dat kwaliteitsversekering aan Suid-Afrikaanse hoër onderwys-instellings van toenemende belang is. Enersyds word dit gereflekteer in staatsdoelstellings en optrede. In dié verband is ook die koppeling van staatsfondse aan uitsetkwaliteite, veral ten opsigte van navorsing, betekenisvol. Die instelling van Sertec dien as verdere voorbeeld: hoewel Sertec funksioneel nie ekwivalent aan die Britse en Nederlandse Inspektorate vir Hoër Onderwys is nie, weerspieël dit tog 'n bereidwilligheid van die Staat om instrumente te skep ten einde kwaliteitsversekering te bevorder. Soos in gemelde twee lande is die kwaliteitsver-

sekeringstrukture rondom teknikons meer omvattend as in die geval van universiteite.

Ten slotte blyk dit duidelik dat staatsdoelstellings rondom hoër onderwys-instellings neig om meer omvattend te raak en selfs prioriteitsveranderinge te ondergaan. Waar NASOP 02-118 (88/07) byvoorbeeld slegs drie makrodoelstellings ten opsigte van teknikons bevat, is dit duidelik dat gemelde instansies ook met ander staatsdoelstellings, wat nie in hulle besondere beleidsdokumente vervat is nie, moet rekening hou.

6.2 Gevolgtrekkings

- * Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat daar binne die makro-omgewing waarbinne hoër onderwys-instellings in Suid-Afrika funksioneer, verskeie faktore en tendense is wat met die situasies in Nederland en die Verenigde Koninkryk ooreenstem.

- * Dit blyk verder dat kwaliteitsversekering ook in Suid-Afrika reeds 'n sleutelelement in sowel makro- as institusionele beleid verteenwoordig, hoewel die beleidsraamwerk vir kwaliteitsversekering in Suid-Afrika nog nie in dieselfde mate as in Nederland en die Verenigde Koninkryk ontwikkel is nie. Tog gryp dit so diep in die wese van hoër onderwys in dat dit nie geïgnoreer kan word nie.

* Soos in Nederland en die Verenigde Koninkryk word die makrobestuuropset binne die Suid-Afrikaanse hoër onderwys-bestel deur kwaliteitsversekering beïnvloed. Soos blyk uit Tabel 5.1, asook Figure 4.1 en 5.4, is die ooreenstemming ten opsigte van kwaliteitsversekeringsstrukture onder beroepsopleidinginstansies merkwaardig, hoewel die funksies van die struktuurkomponente nie identies is nie. Wat opval, is die totale gebrek aan kwaliteitsversekeringsliggame soos die Britse Akademiese Ouditeenheid en die Nederlandse evalueringskomitees by Suid-Afrikaanse Universiteite. Trouens, die universiteitsektor in Suid-Afrika toon 'n opvallende gebrek aan eksterne evalueringsliggame, hetsy staatsgeïnisieerd of kollektief in die lewe geroep. Die oënskynlike gebrek aan goedontwikkelde institusionele selfevalueringsmeganismes val ook op. Struktureel beskou, is die stelsel van kwaliteitsversekering by teknikons veel beter ontwikkel. Wat die teknikonsektor betref, wil dit voorkom asof die Staat se motief sowel kwaliteitskontrole as kwaliteitsgroei is.

* Insoverre dit verhoudings met die Staat betref, het die situasie in Suid-Afrika nog nie na wense uitgekristalliseer nie en is daar rondom toerekenbaarheid en outonomie binne die konteks van kwaliteitsversekering nog talle onsekerhede.

Dit geld veral universiteite se betrokkenheid by sodanige aksies.

- * Teknikons het, soos die geval in Nederland en die Verenigde Koninkryk 'n geskiedenis van kollektiewe optrede ten einde kwaliteit te verseker. Derhalwe is institusionele samewerking omvattend sonder oormatige sensitiwiteit vir die outonomie van individuele instellings. Weer eens wil dit voorkom asof universiteite nie op vergelykbare vlak onderling saamwerk ten einde kwaliteit te verseker nie.

- * Kwaliteitsversekeringsinisiatiewe en -optredes deur veral die Staat het sonder twyfel ook in Suid-Afrika bygedra om 'n kwaliteitskultuur en waardestelsels by hoër onderwys-instellings te bevorder. Aan die kant van teknikons het die totstandkoming van Sertec 'n algemene bewuswording van kwaliteitsaangeleenthede aangewakker. Op soortgelyke wyse het die befondsing van navorsingsuitsette die ontwikkeling van navorsingskwaliteite en vermoëns gestimuleer.

- * Die stelsel van kwaliteitsversekering soos dit tot op die hede in Suid-Afrika ontwikkel het, blyk minder kontrolegeoriënteerd as in die Verenigde Koninkryk te wees. Daar is gevolglik ook minder druk vanaf owerheidsweë vir

prestasiemaatstawwe en vergelykende kwaliteitsaanwysers wat as basis vir subsidiëring van programme kan dien. Soos in Nederland gebruik Suid-Afrikaanse instansies hoofsaaklik 'n stelsel van eweknie-evaluering by kwaliteitsbeoordeling. Eksterne monitoraksies vind as gevolg van die inspraak van sowel Sertec as die privaatsektor net effektief by teknikons plaas.

- * Interne selfevaluering blyk die grondslag van effektiewe kwaliteitsversekeringstelsels te wees. In Suid-Afrika is dit merendeels swak ontwikkel.

- * Die debat rondom kwaliteitsversekering in Suid-Afrika het nog nie die punt bereik waar duidelikeheid oor besondere aksente, soos uitgebeeld in Figuur 4.2 verkry kan word nie. Dit blyk 'n groot leemte in die ontwikkeling van 'n omvattende stelsel van kwaliteitsversekering te verteenwoordig. Soos in die Verenigde Koninkryk en Nederland ervaar is, kan 'n groter beklemtoning van effektiwiteit eerder as doeltreffendheid tot 'n potensieel gevaarlike verskuiwing van interne institusionele magsbalanse lei en 'n situasie skep waarin administratiewe eerder as akademiese doelwitte nagestreef word.

- * Die openbaarmaking van kwaliteitsresultate wat in sowel Nederland as die Verenigde Koninkryk as van kardinale belang beskou word, is in Suid-Afrika tot die hede grootliks verontagsaam. Wat teknikons betref, geskied dit wel indirek as gevolg van die betrokkenheid van die privaatsektor in kwaliteitsversekering. Vergelykende statistieke wat deur die staat vrygestel word, bevat min of geen aanduiding van kwaliteite nie.

6.3 Aanbevelings

Uit die voorafgaande blyk dit dat teknikons, veral op institusionele vlak, deeglik moet rekening hou met die ervarings van hoër onderwys-instellings in Nederland en die Verenigde Koninkryk. Enkele aanbevelings kan in die verband gemaak word.

Technikons behoort daaraan oorweging te skenk om:

- * pro-aktief op te tree ten einde die inisiatief ten opsigte van kwaliteitsversekering te behou en daardeur outonome status handhaaf en staatsinmenging verhoed;
- * met die Staat ten opsigte van sy doelstellings en die besondere aksente wat ten opsigte van kwaliteitsversekering mag geld, oorleg te pleeg en te poog om oor die rol en betrokkenheid van die Staat ten opsigte van kwaliteitsversekering konsensus te bereik;

- * aanspreeklikheid vir kwaliteitsversekering te aanvaar en deur optrede bewys van verantwoordelikheid en outonomie te lewer;
- * kwaliteitsversekeringsdoelstellings in strategiese beplanningsaksies te inkorporeer;
- * 'n omvattende selfevalueringstelsel, wat op die totale kwaliteit van diens ingestel is as 'n hoë prioriteit ontwikkel;
- * relevante meetinstrumente, sowel kwalitatief as kwantitatief, te identifiseer en die nodige prosesse ter verbetering van insetkwaliteit, proseskwaliteit en uitsetkwaliteit, asook 'n geïntegreerde aksieprogram te ontwikkel;
- * 'n interne kwaliteitskultuur en waardesisteen gerig op kwaliteitsgroei te skep;
- * te verseker dat kwaliteitsversekeringsprogramme sowel effektief as doeltreffend is. Goeie bestuur word immers deur sowel effektiewe hulpbronaanwending (insette) as doeltreffendheid in die bereiking van doelwitte (uitsette) gekenmerk.
- * teen 'n interne magsverskuiwing vanaf akademiese na administratiewe doelwitte, oftewel vanaf doeltreffendheid na effektiwiteit, te waak;

- * kollektiewe optredes ten opsigte van kwaliteitsversekering te oorweeg en waar nodig, te formaliseer;.
- * resultate openbaar te maak en die gemeenskap oor kwaliteitsaangeleenthede in te lig, want dit versterk openbare toerekenbaarheid;
- * op geakkrediteerde basis toegelaat te word om eie grade toe te ken aangesien min verwickelinge so 'n positiewe uitwerking op onderrigkwaliteite sal hê as die reg om grade toe te ken; enersyds sal 'n geakkrediteerde graadstatus aansporings vir kwaliteitsverbetering skep en andersyds die huidige beperkinge wat deur 'n nasionale kwalifikasiestelsel op kwaliteitsontwikkeling geplaas word, ophef;
- * met die ontwikkeling en implementering van kwaliteitsversekeringstelsels aan tersiêre opvoedkundige instellings, geleenthede vir verdere navorsing te skep, enersyds gerig op die ontwikkeling van inter-institusionele kwaliteitsversekeringstelsels op die makrovlak en andersyds op die identifikasie en ontwikkeling van meetinstrumente sowel as kwaliteitsbestuur op die institusionele vlak.

Ten slotte is dit duidelik dat die ontwikkeling van omvattende interne kwaliteitsversekeringstelsels nie alleen noodsaaklik is nie, maar met omsigtigheid en goeie oordeel gehanteer moet word.

BRONNELYS

- 1 Alberts, L. 1990: Eise aan die onderwys deur die tegnologie. Referaat gelewer tydens OVSA kongres, Kaapstad.

- 2 Arubay, E.A. 1987: Improvement of instruction and teacher effectiveness : are student ratings reliable and valid. Higher Education, 16:267-278.

- 3 Aper, J.P., McQuire, S.M. & Hinkle, D.E. 1990: Coming to terms with accountability versus improvement debate in assessment. Higher Education, 20:471-483.

- 4 Ball, R. & Halwachi, J. 1987: Performance indicators in Higher Education. Higher Education, 16:393-405.

- 5 Bielec, J.A. 1991: University Strategies for Income Generation. Referaat gelewer tydens 7de Internasionale Kongres vir Universiteitsadministrateurs, Enschede.

- 6 Bijleveld, R.J. 1989. The two tier structure in University education. In Maassen, P.A. & Van Vught (Ed.) se Dutch Higher Education in Transition. Culemborg, Lemma.

- 7 Billings, D. 1991: Persoonlike onderhoud. London, Polytechnic of Central London.

- 8 Bitzer, E.M. 1987: Indications of Academic Staff Appraisal at Tertiary Education Institutions. S.A. Tydskrif vir Hoer Onderwys, 1(1): 69-71.

- 9 Bleumink, E. 1990: Programma erkenning in het licht van voortgaande internationalisering. In Heijnen, G.W. & Joostens, T.H. (Ed.) se Kwaliteitzorg, waarborg voor kwaliteit in het hoger onderwijs. Groningen, COWOG.
- 10 Bosman, D. 1988: Technology: a Prerequisite for Economic Growth. Engineering, 196: 1-2.
- 11 Brennan, J. 1990: Quality Assessment in the Public Sector in Great Britain. Hoofstuk in Goedebuure et.al. se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 12 Bresters, D.W. & Kalkwijk, J.P. 1990: The role of the Inspectorate of Higher Education. In Goedebuure et.al. (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 13 Breytenbach, W.J. 1990: Education Futures Project: The political trends relevant for education in the short and longer terms. Referaat. Education Futures projek. Mobil.
- 14 Bunting, I.A. 1991: Draft report on Technikon statistics, Cape Town.
- 15 Cave, M., Hanney, S., Kogan, M & Trevett, G. 1988: The use of performance Indicators in Higher Education. London, Jessica Kingsby.

- 16 Clark, B.R. 1983: The Higher Education System : Academic Organization in Cross-National Perspective. Berkeley, University of California Press.
- 17 Clark, C. 1987: The Incoherence of Teaching Quality. Journal for Higher Education, 11(2): 106-114.
- 18 Committee of Vice-Chancellors and Principals (CVCP), 1985: Report of the Steering Committee for Efficiency Studies in Universities. London, CVCP. (Jarratt Report)
- 19 Committee of Vice-Chancellors and Principals (CVCP), 1987: Performance Indicators at Universities. London, CVCP.
- 20 Committee of Vice-Chancellors and Principals (CVCP), 1988: Guidance in Structure and Practice of Financial Management in Universities. London, CVCP.
- 21 Committee of Vice-Chancellors and Principals (CVCP), 1989: The Teaching Function : Quality Assurance. London, CVCP.
- 22 De Klerk, F.W. 1989: The necessity of institutional self-evaluation: the state's view. Konferensieverrigtinge oor Institusionele selfevaluering. Bloemfontein, Universiteit van die Oranje Vrystaat.
- 23 Department of Education and Science (DES), 1987: Higher Education ; Meeting the Challenge. London, HMSO.

- 24 Dochey, F.J., Segers, M.S. & Wijnen, W.H. 1990:
Management Information and Performance Indicators in Higher Education ; an international issue. Assen, Van Gorcum.
- 25 Du Plessis, S.J.P. 1990: Onderrigevaluering en die erkenning van uitmuntende onderrig. South African Journal of Higher Education. Special Edition: 30-33.
- 26 Elton, L, 1987: UGC resource allocation and the assessment of teaching quality. Higher Education Review, 19:9-17.
- 27 Elton, L, 1988: Accountability in Higher Education: The danger of unintended consequences. Higher Education, 17: 377-390.
- 28 Findlay, P. 1990: Developments in the performance indicator debate in the United Kingdom. In Goedebuure et.al (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 29 Goedebuure, L.C.J., Maassen, P.A.M. & Westerheyden, D.F. 1990: Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 30 Harman, G. 1988: Tertiary education and public policy: Australia's response to a changing environment. Higher Education, 17:251-266.
- 31 Hurworth, R. & Henry, N. 1985: An evaluation of the context curriculum - dispelling a myth. Higher Education Research and Development, 4(1): 41-49.

- 32 Jarratt, A. 1985: Report of the Steering Committee for Efficiency Studies in Universities. Committee of Vice-Chancellors and Principals, London.
- 33 Jesson, D. & Mayston, D. 1990: Information, accountability and educational performance indicators. In Fitzgibbon, C. (Ed.), Performance Indicators. Clevedon, BERA Dialogues No. 2:77-87.
- 34 Johnes, J. & Taylor, J. 1987: Degree quality: an investigation into differences between UK universities. Higher Education, 16: 581-602.
- 35 Jones, J. 1983: Student Assessment of Instruction as a basis for Teaching Improvement and Promotions Decisions. Higher Education Research and Development, 2(1):3-15.
- 36 Kaapse Technikon, 1989: Strategiese Beplanning van die Kaapse Technikon. Kaapstad, KT.
- 37 Kells, H.R. 1990: Quality Assessment in European Higher Education. In Goedebuure et.al (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 38 Komitee van Technikonhoofde (KTH), 1986: Notule van algemene vergadering van 7 September 1986. Pretoria, KTH.
- 39 Komitee van Technikonhoofde (KTH), 1989: 'n Navorsings-filosofie vir die technikonwese. KTH-002. Pretoria, KTH.

- 40 Komitee van Technikonhoofde (KTH), 1991: Memorandum insake die instelling van 'n gewysigde kwalifikasiestruktuur aan technikon. Pretoria, KTH.
- 41 Kouwenaar, K & Stannard, J. 1989: Higher Education in the Netherlands. Zoetemeer, HBO.
- 42 Lee, R.A. & Piper, J.A., 1988. Organizational Control, Differing Perspectives: The Management of Universities. Financial Accountability and Management. 4(2):113-128.
- 43 Maclure, S. 1988: Education Reformed: a guide to the Education Reformed Act. London, Hodder and Stoughton.
- 44 Maree, J. 1990: Optimism and Cooperation Needed. Bulletin. September, HSRC.
- 45 Mawditt, R.M. 1990: Higher Education : Cost or Investment. Bath Universiteit, gepubliseerde openbare lesing.
- 46 Mc Vicar, M. 1990: Quality Assessment in British Higher Education. Hoofstuk in Goedebuure et.al.(Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 47 Miller, A. 1988: Student Assessment of teaching in Higher Education. Higher Education, 17:3-15.
- 48 Ministerie van Onderwys en Wetenskap, 1985: Hoger Onderwijs: Autonomie en Kwaliteit (HOAK). 'S Gravenhage, SDU.

- 49 Ministerie van Onderwys en Wetenskap, 1986: Wet op het Hoger Beroepsonderwijs (HBO). Den Haag, SDU.
- 50 Ministerie van Onderwys en Wetenskap, 1988: Hoger Onderwijs en Onderzoekplan (HOOP). Den Haag, SDU.
- 51 Ministerie van Onderwys en Wetenskap, 1989: Wet op Hoger Onderwijs en Wetenschappelijk Onderzoek (WHW). 'S Gravenhage, SDU.
- 52 Miron, M. 1988: Student's evaluation and instructor's self-evaluation of university instruction. Higher Education, 17: 175-181.
- 53 Naisbitt, J. 1989: Harnessing Technology: Doing more with less. Management Today. March edition: 23-25.
- 54 Paardekoper, C.M.M. & Spee, A.A.J. 1990: A Government Perspective on Quality Assessment in Dutch Higher Education. In Goedebuure et.al. (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 55 Parks, V. 1985: Appraisal in F.E.: The professional tutor and triangulation. Journal for Higher Education, 9(3):40-51.
- 56 Polytechnics and Colleges Funding Council (PCFC), 1989: Funding choices. London, PCFC.
- 57 Private Sector Educational Council (Prisec): 1990: Towards Reconstruction of Education and a single Ministry of Education. Position Paper No. 1.

- 58 Prosser, M. & Trigwell, K. 1990: Student evaluations of teaching and courses: Student study strategies as a criteria of validity. Higher Education, 20:135-142.
- 59 Qayum Safi, A. & Miller, R.I. (1987): Student evaluation of courses and instructors at Kuwait University. Higher Education Review, 18:17-25.
- 60 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1983: 'n Onderzoek na die staatsfinansiering van Universiteite, SANSO 110. Pretoria, DNO.
- 61 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1986: 'n Onderzoek na die staatsfinansiering van teknikons, SANSO 131. Pretoria, DNO.
- 62 Republiek van Suid-Afrika, Departement Nasionale Opvoeding. 1987: Akademiese standaarde by universiteite in die RSA. NASOP 02-129 (87/10). Pretoria, Staatsdrukker.
- 63 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1988: Vereistes vir Nasionale Onderrigprogramme aan Teknikons. NASOP 02-150 (88/01). Pretoria, DNO.
- 64 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1988: Die struktuur en werking van die Suid-Afrikaanse Onderrigstelsel. NASOP 02-170 (88/04). Pretoria, DNO.

- 65 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1988: 'n Onderwysfilosofie vir die Technikonwese. NASOP 02-118 (88/07). Pretoria, DNO.
- 66 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1991: Onderwys in die RSA 1988. NASOP 02-216 (91/01). Pretoria, DNO.
- 67 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1991: Educational realities in South Africa, 1990. NASOP 02-300 (91/06). Pretoria, DNO.
- 68 Republiek van Suid-Afrika. Departement van Nasionale Opvoeding, 1991: Onderwysvernuwingstrategie (OVS): Besprekingsdokument. Pretoria, DNO.
- 69 Republiek van Suid-Afrika. Sertifiseringsraad vir Technikon=onderwys (Sertec) 1991: Gids vir evalueringskomitees by die evaluering van standaarde aan technikons. Sertec 1-06(02/91), Pretoria, Sertec.
- 70 Republiek van Suid-Afrika. Hoger Onderwijs Wet, 1923 (Wet 30 van 1923).

- 71 Republiek van Suid-Afrika. Wet op Universiteite, 1955 (Wet 61 van 1955).
- 72 Republiek van Suid-Afrika. Wet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1967 (Wet 40 van 1967). Later gewysig na die Wet op Teknikons.
- 73 Republiek van Suid-Afrika. Wysigingswet op Gevorderde Tegniese Onderwys, 1979 (Wet 43 van 1979).
- 74 Republiek van Suid-Afrika. Wet op die Sertifiseringsraad vir Technikononderwys, 1986 (Wet 88 van 1986).
- 75 Rullmann, P.M.M. 1990: A Non-University perspective on quality assessment in the Netherlands. In Goedebuure et.al. (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 76 Shippey, T.C. 1990 (a): The maintenance of standards in Education. Referaat gelewer tydens OVSA-kongres, Kaapstad.
- 77 Shippey, T.C. 1990 (b): A critical analysis of transfer, articulation and master planning in Tertiary Education in California (1960-1988) and a Resultant Model for the RSA. Ongepubliseerde M.Dip. Tech-verhandeling, KT.

- 78 Sizer, J. 1988: The Management of Institutional Adaptation and change under Conditions of Financial Stringency. In Eggins, H. (Ed): Restructuring Higher Education. Milton Keynes, Open University Press.
- 79 Sizer, J. 1989: Performance Indicators, Quality Control and the Maintenance of Standards in Higher Education. In Mc Vicar, M, se Performance Indicators and Quality Control in Higher Education. Portsmouth, Portsmouth Polytechnic.
- 80 Sizer, J. 1990: Performance Indicators and the Management of Universities in the UK. In Dochy, F.J., Sizer, M.S. & Wijnen, W.H. se Management Information and Performance Indicators in Higher Education: an international issue. Assen, Van Gorcum.
- 81 Smit, A.J. 1990 (a): Institutional evaluation of excellence in Higher Education: state of the art in tertiary institutions, South African Journal of Higher Education. Special edition: 87-93.
- 82 Smit, A.L. 1990 (b): A Race between Education and Disaster. Mining Survey, 2:3-12.
- 83 Spaapen, J.B. 1988: De moeizame relatie tussen beleid en onderzoek: Evaluatie vijf jaar voorwaardelijke financiering. Zoetemeer, Ministerie van Onderwijs en Wetenskap.

- 84 Spee, A.A.J. 1990: Development of performance indicators and quality assessment in higher education in the Netherlands. Zoetemeer, Ministerie van Onderwys en Wetenskap.
- 85 Steyn, J.N. 1990: Quality Assurance and Strategic Planning: An integrated approach. Referaat gelewer tydens 7de Internasionale kongres van Universiteitsadministrateurs, Enschede.
- 86 Teichler, U. 1991: Co-operation and mobility in Higher Education in the European Community. Verrigtinge van die 7de Internasionale Konferensie vir Universiteitsadministrateurs. Enschede.
- 87 Thompson, H.R., Deer, C.E. & Fitzgerald, H.G. 1990: Staff Self-appraisal at the Department Level: A case study. Higher Education Research and Development, 9 (1):39-48.
- 88 United Kingdom, 1987: Higher Education : meeting the challenge. White paper.
- 89 United Kingdom, 1988: Education Reform Act.
- 90 Universities Funding Council (UFC), 1989: Report on the 1989 Research Selectivity Exercise. London, UFC.
- 91 Universities Grants Committee (UGC), 1987: Reports to the Secretary of State on Universities responses to the Jarratt Report. London, UGC.

- 92 Van Berkel, H.J.M. 1990: Assessment in a problem-based medical curriculum. Higher Education, 19:123-146.
- 93 Van Kroonenburg, H.H. 1991: A new role for a University. Referaat gelewer tydens 7de Internasionale Kongres vir Universiteitsadministrateurs, Enschede.
- 94 Van Lookeren Campagne, C. 1991: Openingsreferaat tydens die 7de Internasionale Kongres vir Universiteitsadministrateurs, Enschede.
- 95 Van Os, W., Drenth, P. & Bernaert, G. 1987: AMOS: An evaluation model for institutions of higher education. Higher Education, 16:243-256.
- 96 Vereniging Samenwerkende Nederlandse Universiteiteit (VSNU), 1988: Over de Kwaliteit van het Nederlands Universitair Onderwijs. Utrecht, VSNU.
- 97 Vroeijssteijn, T.I. & Acherman, H. 1990: Control oriented versus improvement oriented quality assessment. In Goedebuure et.al. se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 98 Vroeijssteijn, T.I. 1990: Autonomy and Assurance of Quality: Two sides of one coin. Higher Education Research and Development, 9 (1):21-38.

- 99 Westerheijden, D.F. 1990: Peers, Performance and Power: Quality assessment in the Netherlands. In Goedebuure et.al. (Ed.) se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.
- 100 Weusthof, P. 1989: Zelfevaluatie: Wat, hoe en waartoe. Tijdschrift voor Hoger Onderwijs, 7:148-159.
- 101 Wright, P.E. 1989: Who defines quality in Higher Education? Reflections on the role of professional power in determining conceptions of quality in English higher education. Higher Education, 18:149-165.
- 102 Yorke, M. 1991: Performance Indicators: Towards a synoptic framework. Higher Education, 21:235-248.
- 103 Young, D. 1990: The Academic Audit Unit. Hoofstuk 1 in Goedebuure et.al. se Peer Review and Performance Indicators. Utrecht, Lemma.